REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

PRICE 45c PRYS
Plus GST/AVB

Registered at the Post Office as a Newspaper ABROAD 60c BUITELANDS POST FREE • POSVRY *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Vol. 239 PRETORIA, 24 MAY MEI 1985 No. 9751

PROCLAMATIONS

by the

State President of the Republic of South Africa

No. 49, 1985

DEPROCLAMATION OF LAND AS AN ALLUVIAL DIGGING

By virtue of the powers vested in me by section 25 of the Precious Stones Act, 1964 (Act 73 of 1964), I hereby declare that the land described in the accompanying Schedule and situate in the Mining District of Barkly West, Province of the Cape of Good Hope, being a portion of the land proclaimed as the Blauwboschdrift alluvial digging by Proclamation 14 of 1924, shall be closed and deproclaimed as an alluvial digging for precious stones with effect from the first day after the publication of this proclamation in the *Gazette*.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-third day of April, One thousand Nine hundred and Eighty-five.

P. W. BOTHA,

State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

D. W. STEYN.

SCHEDULE

Description of land.—A portion of the Remainder of Portion 1 of the farm Blaauwbosch Drift 78, Administrative District of Herbert, as shown on Sketch Plan 163.

Extent.—Approximately 40 hectares.

Registered owner.—Pieter Hendrik Smith.

No. 50, 1985

DECLARATION OF A GROUP AREA IN TERMS OF THE GROUP AREAS ACT, 1966, AT CAMPBELL, DISTRICT OF HERBERT, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

Under section 23 of the Group Area Act, 1966 (Act 36 of 1966), I hereby declare that the area defined in the Schedule hereto shall, as from the date of publication of this Proclamation, be an area for occupation and ownership by members of the Coloured group.

PROKLAMASIES

van die

Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 49, 1985

DEPROKLAMERING VAN GROND AS 'N ALLUVIALE DELWERY

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 25 van die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet 73 van 1964), verklaar ek hierby dat die grond beskryf in bygaande Bylae en geleë in die myndistrik Barkly-Wes, provinsie die Kaap die Goeie Hoop, synde 'n gedeeelte van die grond wat by Proklamasie 14 van 1924 tot die alluviale delwery Blauwboschdrift geproklameer is, met ingang van die eerste dag na die publikasie van hierdie proklamasie in die *Staatskoerant* as 'n alluviale delwery vir edelgesteentes gesluit en gedeproklameer word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Drie-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Vyf-en-tagtig.

P. W. BOTHA,

Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

D. W. STEYN.

BYLAE

Beskrywing van grond.—'n Gedeelte van die restant van Gedeelte 1 van die plaas Blaauwbosch Drift 78, administratiewe distrik Herbert, soos getoon op Sketskaart 163.

Grootte.—Ongeveer 40 hektaar.

Geregistreerde eienaar.—Pieter Hendrik Smith.

No. 50, 1985

VERKLARING VAN 'N GROEPSGEBIED INGEVOLGE DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1966, TE CAMPBELL, DISTRIK HERBERT, PROVINSIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Kragtens artikel 23 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), verklaar ek hierby dat die gebied omskryf in die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, 'n gebied is vir okkupasie en grondbesit deur lede van die Gekleurde groep.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Thirtieth day of April, One thousand Nine hundred and Eighty-five.

P. W. BOTHA,

State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

J. C. HEUNIS.

SCHEDULE

Erf 193 Campbell, in its entirety.

No. 51, 1985

EXTENSION OF THE BOUNDARIES OF THE OLIFANTS RIVER (VANRHYNSDORP) GOVERNMENT WATER CONTROL AREA, DIVISIONS OF CLANWILLIAM, VANRHYNSDORP AND CERES, CAPE PROVINCE

Under and by virtue of the powers vested in me by section 59 (1) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), I hereby declare that, with effect from the date of publication hereof, the boundaries of the Olifants River (Vanrhynsdorp) Government Water Control Area shall for purposes of section 59 (1) (a) and (b) of the said Act, be extended so as to include Portions 179 and 180 of the farm Melkboom 384, Division of Vanrhynsdorp, in the said area.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-fourth day of April, One thousand Nine hundred and Eighty-five.

P. W. BOTHA,

State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

J. J. G. WENTZEL.

GOVERNMENT NOTICES

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

No. 1110 **24 May 1985**

UMVOTI IRRIGATION BOARD, DISTRICT OF UMVOTI, NATAL.—ASSIGNMENT OF FUNCTIONS, POWERS AND DUTIES

By virtue of the powers vested in me by section 89 (1) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), I, Sarel Antoine Strydom Hayward, in my capacity as Minister of Agriculture and Water Supply in the Government of the Republic of South Africa, hereby assign to the Umvoti Irrigation Board the functions, powers and duties defined in section 89 (1) (a), (b), (c), (d), (e), (g), (i) and (j) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956).

S. A. S. HAYWARD,

Minister: Agriculture and Water Supply.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Dertigste dag van April Eenduisend Negehonderd Vyf-en-tagtig.

P. W. BOTHA,

Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

J. C. HEUNIS.

BYLAE

Erf 193 Campbell, in sy geheel.

No. 51, 1985

UITBREIDING VAN DIE GRENSE VAN DIE OLIFANTSRIVIER(VANRHYNSDORP)-STAATSWATERBEHEERGEBIED, AFDELINGS CLANWILLIAM, VANRHYNSDORP EN CERES, KAAPPROVINSIE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 59 (1) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), verklaar ek hierby dat die grense van die Olifantsrivier(Vanrhynsdorp)-staatswaterbeheergebied met ingang van die datum van publikasie hiervan vir die doeleindes van artikel 59 (1) (a) en (b) van gemelde Wet uitgebrei word sodat Gedeeltes 179 en 180 van die plaas Melkboom 384, afdeling Vanrhynsdorp, by genoemde gebied ingesluit word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vier-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Vyf-en-tagtig.

P. W. BOTHA,

Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

J. J. G. WENTZEL.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

No. 1110 **24 Mei 1985**

UMVOTI-BESPROEIINGSRAAD, DISTRIK UMVOTI, NATAL.—TOEWYSING VAN WERKSAAMHEDE, BEVOEGDHEDE EN PLIGTE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 89 (1) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), wys ek, Sarel Antoine Strydom Hayward, in my hoedanigheid van Minister van Landbou en Watervoorsiening in die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, hierby die werksaamhede, bevoegdhede en pligte omskryf in artikel 89 (1) (a), (b), (c), (d), (e), (g), (i) en (j) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), aan die Umvoti-besproeiingsraad toe.

S. A. S. HAYWARD,

Minister: Landbou en Watervoorsiening.

DEPARTMENT OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT AND PLANNING

No. 1111 **24 May 1985**

DIRECTIVES ISSUED IN TERMS OF SECTION 17A OF THE PROMOTION OF LOCAL GOVERNMENT AFFAIRS ACT, 1983 (ACT 91 OF 1983)

In terms of the powers vested in me by section 17A of the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983 (Act 91 of 1983), I, Jan Christiaan Heunis, Minister of Constitutional Development and Planning, after consultation with the Council for the Co-ordination of Local Government Affairs established in terms of section 2 of the aforementioned Act, hereby determine that an Administrator shall take into account the general directives set out in the Schedules hereto whenever exercising a power in respect of the matters referred to in the aforementioned section 17A.

J. C. HEUNIS,

Minister of Constitutional Development and Planning.

SCHEDULE 1

MATTERS TO BE CONSIDERED FOR PURPOSES OF A DECISION IN TERMS OF SECTION 17A (1) (a)

1. The existence or not of—

(a) a fairly homogeneous community;

(b) an informed and knowledgable electorate who, considering their level of socio-economic development and the history of the community's involvement in local government affairs, have the ability to control their elected representatives effectively and responsibly;

(c) persons in the community who are prepared to make themselves available for election and who have the ability to fulfil the role of representatives responsibly and effectively.

2. The local authority's capability, financially and otherwise, to provide by itself or through a regional services council, another local authority or any other person, the following basic services to the inhabitants in its area or jurisdiction:

(a) Adequate water suitable for domestic use, preferably by means of a network serving or capable of serving every premises;

(b) a system complying with the Health Act and the regulations promulgated in terms thereof for the removal and/or treatment of domestic waste water and/or night-soil, preferably by means of a network serving or capable of serving every premises;

(c) passable streets of which the main arterials should preferably be tarred, and with at least elementary stormwater drainage;

(d) electricity, especially in an urban community, with the view to industrial settlement and/or growth in the community concerned and the consequent creation of job opportunities for the inhabitants thereof;

(e) a site or sites for the dumping of refuse;

(f) a site or sites for the burial and/or cremation of the dead;

(g) traffic control;

(h) firefighting; and

(i) accommodation for the administration of the local authority.

DEPARTEMENT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING EN BEPLANNING

No. 1111 **24 Mei 1985**

VOORSKRIFTE UITGEREIK INGEVOLGE ARTIKEL 17A VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN PLAASLIKE OWERHEIDSAANGELEENTHEDE, 1983 (WET 91 VAN 1983)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 17A van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983 (Wet 91 van 1983), bepaal ek, Jan Christiaan Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning na oorlegpleging met die Raad vir die Koördinering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede ingestel ingevolge artikel 2 van voormelde Wet, dat 'n Administrateur die algemene voorskrifte soos vervat in die Bylaes hiervan in ag moet neem by enige besluit ten opsigte van die aangeleenthede in voormelde artikel 17A genoem.

J. C. HEUNIS,

Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

BYLAE 1

AANGELEENTHEDE WAT OORWEEG MOET WORD VIR DOELEINDES VAN 'N BESLUIT INGEVOLGE ARTIKEL 17A (1) (a)

1. Die bestaan al dan nie van—

(a) 'n redelike homogene gemeenskap;

(b) 'n ingeligte en kundige kieserskorps wat, met inagneming van hulle sosio-ekonomiese ontwikkelingspeil en die geskiedenis van die gemeenskap se betrokkenheid in plaaslike owerheidsaangeleenthede, oor die vermoë beskik om hulle verkose verteenwoordigers effektief en verantwoordelik te kan beheer;

(c) persone in die gemeenskap wat bereid is om hulle as raadslede verkiesbaar te stel en oor die vermoë beskik om die rol van verteenwoordiger verantwoordelik en effektief te kan vervul.

2. Die vermoë, finansieel en andersins, van die plaaslike owerheid om self of deur middel van 'n streekdiensteraad, 'n ander plaaslike owerheid of enige ander persoon, die volgende basiese dienste aan die inwoners van sy regsgebied te verskaf:

(a) Voldoende water wat geskik is vir huishoudelike gebruik, verkieslik deur middel van 'n netwerk wat elke perseel bedien of kan bedien;

(b) 'n stelsel vir die wegdoening en/of behandeling van huishoudelike afvalwater en/of nagvuil wat aan die bepalings van die Wet op Gesondheid en die regulasies daarkragtens uitgevaardig, voldoen; verkieslik deur middel van 'n netwerk wat elke perseel bedien of kan bedien;

(c) rybare strate, waarvan hoofare verkieslik geplavei moet wees met minstens elementêre stormwaterdreinering;

(d) elektrisiteit, veral in stedelike gemeenskappe met die oog op nywerheidsvestiging en/of groei in die betrokke gemeenskap en die gevolglike skepping van werksgeleenthede vir die inwoners daarvan;

(e) 'n terrein of terreine vir die storting van vullis;

(f) 'n terrein of terreine vir die begrawing en/of verassing van gestorwenes;

(g) verkeersbeheer;

(h) brandbestryding; en

(i) akkommodasie vir die administrasie van die munisipaliteit.

3. The availability or not of suitable full-time or part-time personnel to render the services mentioned in paragraph 2 or to have it rendered.

4. The accessibility or not of—

(a) health services such as clinics, ambulances and hospitals;

(b) community facilities such as, educational, cultural, recreational and trade facilities.

5. A geographical demarcated area of jurisdiction according to the principles determined in Schedule 2.

6. The fact that in the case of the establishment of a local authority, the elected representatives for or persons entitled to vote in the area concerned, supports the establishment of such a local authority by means of a petition or application in terms of legislation applicable to the establishment of local authorities.

SCHEDULE 2

MATTERS TO BE CONSIDERED FOR PURPOSES OF A DECISION IN TERMS OF SECTION 17A (1) (b)

1. The boundaries of—

(a) an existing group area for the community concerned; and

(b) regional bodies on metropolitan or rural level.

2. Existing land uses.

3. Land which is already identified for other uses.

4. That in the determination of a geographical demarcated area of jurisdiction for a local authority, it is preferable that—

(a) the area is contiguous or alternatively consists of as few areas as possible that are not contiguous;

(b) it can be done in accordance with beacons and descriptions existing in the records of the Surveyor General;

(c) the geology and topography of the area to be taken into consideration;

(d) wherever possible, boundaries should also be determined on the basis of rivers, main roads, railway lines, watersheds, drainage valleys, etc.;

(e) the availability or lack of land for future expansion of the area of jurisdiction of the relative local authority be taken into consideration;

(f) planning actions on national, regional and local level be taken into consideration; and

(g) industrial areas or gound having such a potential be included therein.

5. Economies-of-scale to ensure that the geographical area is administrated effectively and economically.

6. The proximity of other institutions from which the services mentioned in paragraph 2 of Schedule 1 can be obtained or which are accessible for the purposes set out in paragraph 4 of the aforementioned Schedule.

7. The density and size of the population as well as the possible increase or decline thereof.

8. The possibility or not for the direct or indirect provision of a suitable infra-structure for the community.

9. The presence of those matters referred to in Schedule 1.

3. Die beskikbaarheid al dan nie van geskikte personeel, voltyds of deeltyds, om die dienste wat in paragraaf 2 genoem word te lewer of te laat lewer.

4. Die toeganklikheid al dan nie tot—

(a) gesondheidsdienste soos klinieke, ambulanse en hospitale; en

(b) gemeenskapsfasiliteite soos opvoedkundige-, kulturele-, ontspannings- en handelsfasiliteite.

5. 'n Geografiese afgebakende regsgebied wat ooreenkomstig die beginsels in Bylae 2 bepaal word.

6. Die feit dat in die geval van die instelling van 'n plaaslike owerheid, die verkose verteenwoordigers of stemgeregtigdes van die betrokke gebied, by wyse van 'n petisie, versoekskrif of aansoek ingevolge die wetsbepalings wat van toepassing is op die instelling van 'n plaaslike owerheid, die instelling van so 'n plaaslike owerheid steun.

BYLAE 2

AANGELEENTHÉDE WAT OORWEEG MOET WORD VIR DOELEINDES VAN 'N BESLUIT INGEVOLGE ARTIKEL 17A (1) (b)

1. Die grense van—

(a) 'n bestaande groepsgebied vir die betrokke gemeenskap; en

(b) streekliggame op metropolitaanse of landelike vlak.

2. Bestaande grondgebruike.

3. Grond wat reeds vir ander doeleindes geïdentifiseer is.

4. Dat by die bepaling van 'n geografiese afgebakende regsgebied van 'n plaaslike owerheid, dit wenslik is dat—

(a) daardie gebied aaneenlopend moet wees of andersins uit so min moontlik gebiede wat nie aaneenlopend is nie moet bestaan;

(b) dit aan die hand van bakens en beskrywings wat in die oorkondes van die Landmeter-generaal bestaan, gedoen kan word;

(c) die geologie en topografie van die gebied in aanmerking geneem word;

(d) waar moontlik, grense ook aan die hand van riviere, hoofpaaie, treinspore, waterskeidings, dreineringsvalleie ensovoorts bepaal behoort te word;

(e) die beskikbaarheid al dan nie van grond vir toekomstige uitbreiding van die regsgebied van die betrokke plaaslike owerheid in aanmerking geneem word;

(f) beplanningsaksies op nasionale-, streeks- en plaaslike vlak in aanmerking geneem word; en

(g) nywerheidsgebiede of grond wat oor daardie potensiaal beskik, daarby ingesluit word.

5. Ekonomie-van-skaal om te verseker dat die geografiese gebied doeltreffend en ekonomies geadministreer kan word.

6. Die nabyheid van ander instellings van wie die dienste in paragraaf 2 van Bylae 1 genoem, bekom kan word of wat vir die doeleindes van paragraaf 4 van gemelde Bylae, toeganklik is.

7. Die digtheid en grootte van die bevolking en die moontlike toe- of afname daarvan.

8. Die moontlikheid al dan nie dat 'n gepaste infrastruktuur, regstreeks of onregstreeks, vir die gemeenskap daargestel sal kan word.

9. Die aanwesigheid van die aangeleenthede wat in Bylae 1 genoem word.

DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS

No. 1113 **24 May 1985**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—DOORGAPARSAD TO MAHARAJ

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Yemeshwar Doorgaparsad and his wife Nalini, residing at 80 Wansbeck Road, Sydenham, to assume the surname of Maharaj.

No. 1117 **24 May 1985**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—NICOLAOU TO GEORGIOU

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Nicolas Nicolaou, his wife Maureen Lynette and his children, Sofia Nicolas, Georgia Nicolas, Michael Nicolas and George Nicolas, residing at 54 Waverley Road, Waverley, Bloemfontein, to assume the surname of Georgiou.

No. 1118 **24 May 1985**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—GHOLAY TO SHAFEE

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Abdul Rahim Gholay, residing at 40 Smit Street, Braamfontein, Johannesburg, to assume the surname of Shafee.

No. 1119 **24 May 1985**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—SWART TO RUDOLECKY

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise André Pier Swart, residing at 1202 Monis Mansions, Jeppe Street, Johannesburg, to assume the surname of Rudolecky.

No. 1120 **24 May 1985**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—LE ROUX TO LE ROUX-CRAYFORD

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise William Edwin le Roux, his wife Joan Alysia and his daughter Kathryn Joan, residing at 48 Montgomery Drive, Winston Park, to assume the surname of Le Roux-Crayford.

No. 1121 **24 May 1985**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—HAGEN TO SKINGALE-CLARKE

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Lester Jansen Hagen, residing at 505 New Carlington, 132 Claim Street, Hillbrow, to assume the surname of Skingale-Clarke.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 1113 **24 Mei 1985**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—DOORGAPARSAD IN MAHARAJ

Die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Yesmeshwar Doorgaparsad en sy vrou, Nalini, woonagtig te Wansbeckstraat 80, Sydenham, te magtig om die van Maharaj aan te neem.

No. 1117 **24 Mei 1985**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—NICOLAOU IN GEORGIOU

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Nicolas Niclaou, sy vrou Maureen Lynette en sy kinders, Sofia Nicolas, Georgia Nicolas, Michael Nicolas en George Nicolas, woonagtig te Waverleyweg 54, Waverley, Bloemfontein, te magtig om die van Georgiou aan te neem.

No. 1118 **24 Mei 1985**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—GHOLAY IN SHAFEE

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Abdul Rahim Gholay, woonagtig te Smitstraat 40, Braamfontein, Johannesburg, te magtig om die van Shafee aan te neem.

No. 1119 **24 Mei 1985**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—SWART IN RUDOLECKY

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), André Pier Swart, woonagtig te Moniswoonstelle 1202, Jeppestraat, Johannesburg, te magtig om die van Rudolecky aan te neem.

No. 1120 **24 Mei 1985**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—LE ROUX IN LE ROUX-CRAYFORD

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), William Edwin le Roux, sy vrou Joan Alysia en sy dogter Kathryn Joan, woonagtig te Montgomeryrylaan 48, Winston Park, te magtig om die van Le Roux-Crayford aan te neem.

No. 1121 **24 Mei 1985**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—HAGEN IN SKINGALE-CLARKE

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Lester Jansen Hagen, woonagtig te New Carlington 505, Claimstraat 132, Hillbrow, te magtig om die van Skingale-Clarke aan te neem.

No. 1122 **24 May 1985**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—GHOLAY TO SHAFEE

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Munuvar Begum Gholay, residing at 40 Smit Street, Braamfontein, Johannesburg, to assume the surname of Shafee.

No. 1135 **24 May 1985**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—REDDY TO RAHIM

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Jayaseelan Reddy, his wife Rehana Bibi and his child Naadira, residing at Flat 44, Yashindan, Overport, to assume the surname of Rahim.

No. 1136 **24 May 1985**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—VAN STADEN TO CHANDLER

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Leonard Leslie van Staden, residing at 5 Susan Place, Grosvenor, Bluff, Durban, to assume the surname of Chandler.

DEPARTMENT OF MINERAL AND ENERGY AFFAIRS

No. 1115 **24 May 1985**

LAND DECLARED OPEN TO THE PEGGING OF CLAIMS

The delegate of the Minister of Mineral and Energy Affairs has, in terms of section 51 (1) (a) of the Precious Stones Act, 1964 (Act 73 of 1964), declared open to the pegging of claims by the public under Chapter VI of the said Act, from the date of publication hereof in the *Gazette*, a certain portion of the farm Leadpan or Pypklip 362 JP, District of Lichtenburg, Mining District of Klerksdorp, Province of the Transvaal, as shown on Sketch Plan MCC 287, copies of which are filed in the Office of the Mining Commissioner, Klerksdorp, which is proclaimed as an alluvial digging for precious stones and which was withdrawn from the pegging of claims by the public by Government Notice 1, published in *Gazette* 7355, dated 2 January 1981.

(18/5/4/36)

No. 1116 **24 May 1985**

RESERVATION OF LAND FOR THE PURPOSES OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for the purposes of a township a portion of proclaimed land, approximately 4,1437 hectares in extent, situated on the farm Varkensfontein 169 IR, District of Nigel, Mining District of Heidelberg, Province of the Transvaal, registered in the name of the Town Council of Nigel and Oostelike Transvaalse Koöperasie Beperk and shown on a sketch plan copies of which are filed under RMT No. R60/84 in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Heidelberg.

(19/5/1/1846)

No. 1122 **24 Mei 1985**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—GHOLAY IN SHAFEE

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Munuvar Begum Gholay, woonagtig te Smitstraat 40, Braamfontein, Johannesburg, te magtig om die van Shafee aan te neem.

No. 1135 **24 Mei 1985**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—REDDY IN RAHIM

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Jayaseelan Reddy, sy vrou Rehana Bibi en sy kind Naadira, woonagtig te Woonstel 44, Yashindan, Overport, te magtig om die van Rahim aan te neem.

No. 1136 **24 Mei 1985**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—VAN STADEN IN CHANDLER

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Leonard Leslie van Staden, woonagtig te Susan Place 5, Grosvenor, Bluff, Durban, te magtig om die van Chandler aan te neem.

DEPARTEMENT VAN MINERAAL- EN ENERGIESAKE

No. 1115 **24 Mei 1985**

OOPVERKLARING VAN GROND VIR DIE AFPENNING VAN KLEIMS

Die gedelegeerde van die Minister van Mineraal- en Energiesake het, kragtens artikel 51 (1) (a) van die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet 73 van 1964), 'n sekere gedeelte van die plaas Leadpan of Pypklip 362 JP, distrik Lichtenburg, myndistrik Klerksdorp, provinsie Transvaal, soos getoon op Sketskaart MCC 287, waarvan afdrukke in die Kantoor van die Mynkommissaris, Klerksdorp, bewaar word, wat geproklameer is as 'n alluviale delwery vir edelgesteentes en by Goewermentskennisgewing 1 in *Staatskoerant* 7355 van 2 Januarie 1981 onttrek is aan die afpenning van kleims deur die publiek, met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant* oop verklaar vir die afpenning van kleims deur die publiek kragtens Hoofstuk VI van gemelde Wet.

(18/5/4/36)

No. 1116 **24 Mei 1985**

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer 4,1437 hektaar groot, geleë op die plaas Varkensfontein 169 IR, distrik Nigel, myndistrik Heidelberg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van die Stadsraad van Nigel en die Oostelike Transvaalse Koöperasie Beperk en getoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT No. R60/84 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die Kantoor van die Mynkommissaris, Heidelberg, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doel van 'n dorp uitgehou.

(19/5/1/1846)

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1126 **24 May 1985**

It is hereby notified that the State President has, in terms of the rules published under Government Notice 2176 of 24 October 1980, approved of Neil Peter van Heerden, a South African citizen accepting the foreign award "Grosses Verdienstkreuz mit Schulterband und Stern" which was awarded to him by the Federal Republic of Germany for his term of service as Ambassador Extraordinary and Plenipotentiary of the Republic of South Africa in Bonn and of his wearing the insignia thereof on suitable occasions.

No. 1133 **24 May 1985**

It is hereby notified that the State President has, in terms of the rules published under Government Notice 2176 of 24 October 1980, approved of the undermentioned South African citizens retaining the foreign awards of honour as indicated and of their wearing the insignia thereof on suitable occasions:

Decoration for Merit in the Bophuthatswana Prisons Service

Dr Johannes Petrus Roux.
Lieutenant-General Willem Hendrik Willemse.
Colonel André Terblanche.
Colonel Paulus Johannes Petrus Coetzer.
Major Jacob Christoffel van Dyk.
Captain Johannes Nicolaas Vosloo.
Captain Jan Hendrik Badenhorst.
Major Willem Jacobus Pienaar.
Major Willem Adriaan Langeveld.

Posthumous

General Willem Marthinus du Preez.
Lieutenant-General Johan Frederik Otto.

No. 1134 **24 May 1985**

It is hereby notified that the State President has, in terms of the rules published under Government Notice 2176 of 24 October 1980, approved of Warrant-Officer Pieter Gert Viljoen retaining the foreign award of honour "Medal for Merit in the Bophuthatswana Prisons Service" and of his wearing the insignia thereof on suitable occasions.

GENERAL NOTICES

NOTICE 271 OF 1985

PACALTSDORP LAND DIVISION COMMITTEE

NOTICE IN TERMS OF SECTION 8 OF LAND TITLES ADJUSTMENT ACT, No. 68 OF 1979

It is hereby made known that all applications by claimants in respect of the land specified in the Schedule hereto and which have in terms of section 7 of the above-mentioned Act been lodged with the Land Division Committee,

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1126 **24 Mei 1985**

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident, ingevolge die reëls afgekondig by Goewermentskennisgewing 2176 van 24 Oktober 1980, goedgekeur het dat Neil Peter van Heerden die eerbewys "Grosses Verdienstkreuz mit Schulterband und Stern" wat deur die Regering van die Bondsrepubliek van Duitsland aan hom toegeken is vir sy dienstermyn as Buitengewone en Gevolmagtigde Ambassadeur van die Republiek van Suid-Afrika in Bonn kan aanvaar en die onderskeidingstekens daarvan by gepaste geleenthede dra.

No. 1133 **24 Mei 1985**

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident, ingevolge die reëls afgekondig by Goewermentskennisgewing 2176 van 24 Oktober 1980, goedgekeur het dat ondergenoemde Suid-Afrikaanse burgers die buitelandse eerbewyse soos aangedui, behou en die onderskeidingstekens daarvan by gepaste geleenthede dra:

Dekorasie vir Verdienste van die Bophuthatswana Gevangenisdiens

Dr. Johannes Petrus Roux.
Luitenant-generaal Willem Hendrik Willemse.
Kolonel André Terblanche.
Kolonel Paulus Johannes Petrus Coetzer.
Majoor Jacob Christoffel van Dyk.
Kaptein Johannes Nicolaas Vosloo.
Kaptein Jan Hendrik Badenhorst.
Majoor Willem Jacobus Pienaar.
Majoor Willem Adriaan Langeveld.

Postuum

Generaal Willem Marthinus du Preez.
Luitenant-generaal Johan Frederik Otto.

No. 1134 **24 Mei 1985**

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident, ingevolge die reëls afgekondig by Goewermentskennisgewing 2176 van 24 Oktober 1980, goedgekeur het dat Adjudant-offisier Pieter Gert Viljoen die buitelandse eerbewys van die Bophuthatswana Gevangenisdiens wat deur die Republiek van Bophuthatswana aan hom toegeken is, mag behou en die onderskeidingstekens daarvan by gepaste geleenthede dra.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

KENNISGEWING 271 VAN 1985

PACALTSDORP GRONDVERDELINGSKOMITEE

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 8 VAN DIE WET OP REËLING VAN GRONDTITELS, No. 68 VAN 1979

Dit word hiermee bekendgemaak dat al die aansoeke deur aanspraakmakers ten opsigte van die grond wat in die Bylae hiervan vermeld word en wat ingevolge artikel 7 van bogenoemde Wet by die Grondverdelingskomitee ingedien is,

will lie for inspection in the Office of the Regional Representative, Department of Local Government, housing and Agriculture, 42 Courtenay Street, George, on Mondays to Fridays between the hours of 09h00 (9 a.m.) to 16h00 (4 p.m.) during the period 10 May 1985 to 10 July 1985.

Any person who wishes to object to the granting of any application, is hereby called upon to lodge his objection containing the grounds therefore and supported by sworn declarations as well as such further documents as he may be able to submit, in writing to the chairman of the Committee, P.O. Box 938, George, 6530, on or before 10 August 1985.

F. J. M. BOTHA,

Chairman: Pacaltsdorp Land Division Committee.

SCHEDULE

Erven 1, 14, 16, 17, 18, 19, 20, 29, 30, 31, 33, 39, 45, 46, 47, 48, 49, 51, 52, 53, 56, 62, 67, 70, 73, 74, 77, 85, 86, 88, 89, 90, 91, 98, 114, 115, 119, 135, 142, 143, 145, 146, 148, 150, 153, 156, 161, 163, 165, 170, 174, 178, 179, 181, 184, 187, 189, 190, 191, 196, 199, 215, 220, 222, 227, 228, 229, 232, 233, 235, 236, 237, 238, 239, 242, 243, 244, 248, 249, 254, 256, 257, 258, 265, 266, 267, 270, 274, 278, 284, 286, 288, 289, 294, 295, 296, 300, 842, 926, 927 and 974;

all situate in Pacaltsdorp in the Division of George, Province of the Cape of Good Hope.

10-17-24

(24 May 1985)

NOTICE 299 OF 1985

UMVOTI IRRIGATION BOARD, DISTRICT OF UMVOTI, NATAL.—ASSIGNMENT OF FUNCTIONS, POWERS AND DUTIES

By virtue of the powers delegated to me by Government Notice 2669 of 18 December 1981, I, Willem Adriaan Labuschagne in my capacity as Director in the Department of Water Affairs, hereby assign to the Umvoti Irrigation Board the functions, powers and duties defined in section 89 (1) (f) and (h) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956).

W. A. LABUSCHAGNE,

Director: Department of Water Affairs.

(24 May 1985)

NOTICE 306 OF 1985

CO-OPERATIVE TO BE STRUCK OFF THE REGISTER.—BARBERTON CO-OPERATIVE CITRUS COMPANY LIMITED

Notice is hereby given that the name of the above-mentioned Co-operative will, at the expiration of 60 days from the date of this notice, be struck off the register in terms of the provisions of section 45 (2) of the Co-operatives Act, 1981, and the Co-operative will be dissolved unless proof is furnished to the effect that the Co-operative is carrying on business or is in operation.

Any objections to this procedure which interested persons may wish to raise, must together with the reasons therefor, be lodged with this office before the expiration of the period of 60 days.

Registrar of Co-operatives.

Office of the Registrar of Co-operatives
PSMAA Building
84 Beatrix Street
Private Bag X237
Pretoria
0001

(24 May 1985)

ter insae sal lê by die Kantoor van die Streekverteenwoordiger, Departement Plaaslike Bestuur, Behuising en Landbou, Courtenaystraat 42, George, tussen die ure 09h00 (9 vm.) en 16h00 (4 nm.) op Maandae tot Vrydae gedurende die tydperk 10 Mei 1985 tot 10 Julie 1985.

Enigiemand wat beswaar wil maak teen die toestaan van 'n aansoek word hiermee aangesê om sy beswaar en die gronde daarvoor, gestaaf deur beëdigde verklarings en ander dokumente wat hy in staat mag wees om voor te lê, skriftelik by die Voorsitter van die Komitee te Posbus 938, George, 6530, in te dien voor of op 10 Augustus 1985.

F. J. M. BOTHA,

Voorsitter: Pacaltsdorp Grondverdelingskomitee.

BYLAE

Erwe 1, 14, 16, 17, 18, 19, 20, 29, 30, 31, 33, 39, 45, 46, 47, 48, 49, 51, 52, 53, 56, 62, 67, 70, 73, 74, 77, 85, 86, 88, 89, 90, 91, 98, 114, 115, 119, 135, 142, 143, 145, 146, 148, 150, 153, 156, 161, 163, 165, 170, 174, 178, 179, 181, 184, 187, 189, 190, 191, 196, 199, 215, 220, 222, 227, 228, 229, 232, 233, 235, 236, 237, 238, 239, 242, 243, 244, 248, 249, 254, 256, 257, 258, 265, 266, 267, 270, 274, 278, 284, 286, 288, 289, 294, 295, 296, 300, 842, 926, 927 en 974;

almal geleë te Pacaltsdorp in die afdeling George, provinsie die Kaap die Goeie Hoop.

10-17-24

(24 Mei 1985)

KENNISGEWING 299 VAN 1985

UMVOTI-BESPROEIINGSRAAD, DISTRIK UMVOTI, NATAL.—TOEWYSING VAN WERKSAAMHEDE, BEVOEGDHEDE EN PLIGTE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Goewermentskennisgewing 2669 van 18 Desember 1981, wys ek, Willem Adriaan Labuschagne in my hoedanigheid as Direkteur in die Departement van Waterwese, hierby die werksaamhede, bevoegdhede en pligte omskryf in artikel 89 (1) (f) en (h) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), aan die Umvoti-besproeiingsraad toe.

W. A. LABUSCHAGNE,

Direkteur: Departement van Waterwese.

(24 Mei 1985)

KENNISGEWING 306 VAN 1985

KOÖPERASIE VAN DIE REGISTER GESKRAP TE WORD.—BARBERTON CO-OPERATIVE CITRUS COMPANY LIMITED

Hiermee word bekendgemaak dat die naam van bogenoemde Koöperasie na verloop van 60 dae met ingang vanaf die datum van hierdie kennisgewing van die register geskrap sal word ooreenkomstig die bepalings van artikel 45 (2) van die Koöperasiewet, 1981, en die Koöperasie sal ontbind word tensy bewys gelewer word dat die Koöperasie handel drywe of in werking is.

Enige besware wat belanghebbende persone teen hierdie prosedure wil inbring, moet met vermelding van redes voor verstryking van die tydperk van 60 dae by hierdie kantoor ingedien word.

Registrateur van Koöperasies.

Kantoor van die Registrateur van Koöperasies
MHVS-gebou
Beatrixstraat 84
Privaatsak X237
Pretoria
0001.

(24 Mei 1985)

NOTICE 300 OF 1985

In terms of section 34 (2) of the Building Societies Act, 1965 (Act 24 of 1965), the following composite return is published for general information:

KENNISGEWING 300 VAN 1985

Ingevolge artikel 34 (2) van die Bouverenigingswet, 1965 (Wet 24 van 1965), word onderstaande saamgestelde opgawe vir algemene inligting gepubliseer:

SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED 31 MARCH 1985
SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEËINDIG 31 MAART 1985

	Number *Getal*	Amount *Bedrag* R'000	Amount *Bedrag* R'000
Number of societies/Getal verenigings	11		
Share capital/Aandelekapitaal:			
Indefinite/Onbepaalde		4 083 150	
Fixed period/Vastetermyn		2 691 935	
Total/Totaal			6 775 085
General reserve/Algemene reserwe		480 868	
Other reserves/Ander reserwes		4 621	
Total/Totaal			485 489
Deposits/Deposito's:			
Negotiable Certificates of Deposit/Verhandelbare Depositosertifikate		929 987	
Transmission/Transmissie		296 413	
Savings/Spaar		4 453 554	
Fixed/Vaste		6 860 098	
Total/Totaal			12 540 052
Accrued interest/Opgelope rente			210 753
Collateral cash deposits/Kollaterale kontantdeposito's			106 702
Accrued interest/Opgelope rente			542
Loans and overdrafts/Lenings en oortrekkings			358 891
Accrued interest/Opgelope rente			140
Mortgage advances/Voorskotte teen verband:			
All advances/Alle voorskotte			16 993 061
Granted but not paid out/Toegestaan maar nie uitbetaal nie			878 575
Total accounts/Aantal rekenings	603 560		
Liquid assets/Likwiede bates:			
Statutory minimum amount/Statutêre minimum bedrag		1 370 066	
Actually held/Werklik gehou		1 834 677	
Prescribed investments/Voorgeskrewe beleggings:			
Statutory minimum amount/Statutêre minimum bedrag		1 944 121	
Actually held/Werklik gehou		2 580 123	
Actual liquid assets and prescribed investments held/Werklike likwiede bates en voorgeskrewe beleggings gehou:			
Cash and deposits/Kontant en deposito's		1 027 173	
Loans to discount houses/Lenings aan diskontohuise		104 773	
Loan levies of the Government of the Republic/Leningsheffings van die Regering van die Republiek		4 244	
Unencumbered securities/Onbeswaarde effekte		1 383 029	
Accrued interest/Opgelope rente		60 904	
Total/Totaal			2 580 123

(24 May 1985)/(24 Mei 1985)

NOTICE 304 OF 1985

DEPARTMENT OF MANPOWER

MACHINERY AND OCCUPATIONAL SAFETY ACT, 1983 (ACT 6 OF 1983)

The Minister of Manpower, on the recommendation of the Advisory Council for Occupational Safety, hereby publishes the following Draft General Safety Regulations for general information and comment.

Any comments or representations thereanent should be lodged in writing and in duplicate with the Director-General: Manpower, Private Bag X117, Pretoria, 0001, within 90 days from the date of publication of this notice.

DRAFT GENERAL SAFETY REGULATIONS

Definitions

1. In these regulations "the Act" means the Machinery and Occupational Safety Act, 1983 (Act 6 of 1983), and any

KENNISGEWING 304 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP MASJINERIE EN BEROEPSVEILIGHEID, 1983 (WET 6 VAN 1983)

Die Minister van Mannekrag publiseer hierby, op aanbeveling van die Adviesraad vir Beroepsveiligheid, die volgende Konsep Algemene Veiligheidsregulasies vir algemene inligting en kommentaar.

Enige kommentaar of vertoë daaromtrent moet binne 90 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik en in duplikaat by die Direkteur-Generaal: Mannekrag, Privaatsak X117, Pretoria, 0001, ingedien word.

KONSEP ALGEMENE VEILIGHEIDSREGULASIES

Woordomskrywings

1. In hierdie regulasies beteken "die Wet" die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983),

expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have the meaning so assigned and, unless the context indicates otherwise—

"building work" means work defined as such in the General Administrative Regulations published under Government Notice R. 2206 of 5 October 1984;

"confined space" means a space in which, because of its construction, location, contents, or work activity therein, the accumulation of a hazardous substance or the creation of an oxygen-deficient atmosphere may occur, and includes any chamber, tunnel, pipe, pit, sewer, sump or vessel in which a dangerous liquid or a dangerous concentration of gas, vapour, dust or fume may be present;

"flammable liquid" means any liquid which produces a vapour that forms an explosive mixture with air, and includes any liquid with a closed-cup flash-point of less than 65 °C;

"high-risk substance" means a substance listed in the Schedule to the General Administrative Regulations published under Government Notice R. 2206 of 5 October 1984.

Protective clothing and appliances

2. (1) Every employer and every user of machinery, as the case may be, shall provide free of charge and maintain in good condition such protective clothing and appliances as may be necessary to prevent bodily harm to persons at a workplace or on premises where machinery is used.

(2) Having regard to the nature of the hazard that is to be countered, and without derogating from the general duty imposed on employers and users of machinery by subregulation (1), the protective clothing and appliances contemplated in that subregulation shall include, as may be necessary—

(a) suitable goggles, spectacles, face shields, welding shields, visors, protective helmets, caps, gloves, gauntlets, aprons, jackets, capes, sleeves, leggings, spats, gaiters, protective footwear, protective overalls, or any similar protective equipment, of a type suited to effectively prevent bodily injury;

(b) waterproof clothing, high-visibility clothing, chemical-resistant clothing, low temperature clothing, chain mail garments, waders, flame retardant clothing, of a type suited to effectively protect the wearer against harm;

(c) belts, harnesses, nets, fall arresters, life lines, safety hooks, or any similar protective devices, of a type suited to effectively protect against falls;

(d) mats, barriers, locking-out devices, safety signs, or any similar devices, of a type suited to effectively prevent slipping, unsafe entry, or unsafe conditions;

(e) protective ointments, ear muffs, ear plugs, respirators, breathing apparatus, masks, air lines, hoods, helmets, or any similar protective items, of a type suited to effectively protect against harm; and

(f) generally, such protective clothing, devices or appliances as may be necessary to adequately protect persons from injury or harm at a workplace.

(3) An employer or a user of machinery, as the case may be, shall ensure that no protective clothing or appliances, provided in terms of this or any other regulation, are removed from a workplace, except for the purpose of cleaning or repair.

en het enige uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"beperkte ruimte" 'n ruimte waarbinne, vanweë die konstruksie, ligging of inhoud daarvan, of werksaktiwiteite daarbinne, die opbou van 'n gevaarlike stof of die skepping van 'n atmosfeer gebrekkig aan suurstof kan voorkom, en sluit in enige kamer, tonnel, pyp, put, riool, sinkput of vat waarin 'n gevaarlike konsentrasie gas, damp, stof of walm teenwoordig mag wees;

"bouwerk" werk as sodanig omskryf in die Algemene Administratiewe Regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2206 van 5 Oktober 1984;

"vlambare vloeistof" enige vloeistof wat damp veroorsaak wat met lug 'n plofbare mengsel vorm, en sluit in enige vloeistof met 'n geslote-bakkie flitspunt van minder as 65 °C;

"hoë-risiko-stof" 'n stof wat in die Bylae tot die Algemene Administratiewe Regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2206 van 5 Oktober 1984, gelys is.

Beskermende klere en toestelle

2. (1) Iedere werkgewer en iedere gebruiker van masjinerie, na gelang van die geval, moet kosteloos sodanige beskermende klere en toestelle in goeie toestand voorsien as wat nodig mag wees om besering aan persone by 'n werkplek of op 'n perseel waar masjinerie gebruik word, te voorkom.

(2) Met inagneming van die gevaar wat teengewerk moet word, en sonder om afbreuk te doen aan die algemene plig wat deur subregulasie (1) aan werkgewers en gebruikers van masjinerie opgelê word, moet die beskermende klere en toestelle bedoel in daardie subregulasie insluit, waar nodig—

(a) geskikte stofbrille, brille, gesigskerms, sweisskerms, maskers, beskermende helms, pette, handskoene, kaphandskoene, voorskote, baadjies, mantels, moue, kamaste, slobkouse, oorkouse, beskermende skoeisel, beskermende oorpakke, of enige soortgelyke beskermende toerusting van 'n soort wat geskik is om liggaamlike besering doeltreffend te verhoed;

(b) waterbestande klere, hoë-sigbaarheidsklere, chemikalie-bestaande klere, lae-temperatuur klere, maliekolderklere, waterlaarse, vlamwerende klere, ysbaadjies, of enige soortgelyke beskermende toerusting van 'n soort wat geskik is om die gebruiker daarvan doeltreffend teen besering te beskerm;

(c) gordels, harnasse, nette, vangtoestelle, reddingstoue, veiligheidshakke, of enige soortgelyke beskermende toerusting wat geskik is om persone wat aan die gevaar van val blootgestel is, doeltreffend te beveilig;

(d) matte, versperrings, uitsluittoestelle, veiligheidstekens, of enige soortgelyke toestelle, van 'n soort wat geskik is om die gevaar van gly, onveilige toegang of onveilige toestande te voorkom;

(e) beskermende salwe, oormowwe, oorproppe, respirators, asemhalingstoestelle, maskers, luglyne, kappe, helms of enige soortgelyke beskermende items van 'n soort wat geskik is om doeltreffend teen besering te beskerm; en

(f) in die algemeen, sodanige beskermende klere, toerusting, toestelle of items wat nodig mag wees om persone doeltreffend teen besering of benadeling te beskerm.

(3) 'n Werkgewer of 'n gebruiker van masjinerie, na gelang die geval, moet toesien dat geen beskermende klere of toestelle waarvoor daar kragtens hierdie of enige ander regulasie voorsiening gemaak word, van 'n werkplek verwyder word nie, behalwe om skoon- of reggemaak te word.

(4) The provisions of this regulation shall not be so construed that it derogates from the provisions of any specific regulation prescribing protective clothing or appliances.

First-aid

3. (1) An employer shall provide a first-aid box or boxes at or near a workplace which shall be available and accessible to all employees working at that workplace.

(2) Having regard to the type of injuries that are likely to occur, the nature of the activity carried out at that workplace and the number of persons employed, the employer shall stock the first-aid box or boxes, as the case may be, prescribed by subregulation (1), with suitable in-date first-aid equipment, or as may be recommended by a registered medical practitioner.

(3) In a multi-storeyed building or a workplace consisting of more than one building, the employer at such a workplace shall take special care to ensure that the first-aid boxes are placed within easy reach of those employees for whom it is intended.

(4) Where more than 10 employees are employed at any workplace, the employer at such a workplace shall ensure that a person is readily available during working hours who is in possession of a valid certificate of competency in first-aid issued by anyone of the following organisations:

(a) S.A. Red Cross Society;

(b) St John Ambulance; or

(c) S.A. Noodhulpliga:

Provided that the qualification required by this subregulation, shall not apply to registered medical practitioners or registered nurses, if such medical personnel are readily available at all working times.

(5) An employer shall ensure that the first-aider contemplated in subregulation (4) is acquainted with the emergency measures to be taken in case of acute poisoning by or spillage or leakage of any high-risk substance which is used, processed or produced at a workplace.

(6) An employer shall cause every first-aid station and the location of every first-aid box to be clearly indicated by means of a sign.

(7) An employer shall not permit a person suffering from an open wound, cut, abrasion, sore, or any similar injury, to work where a high-risk substance or any other article which is toxic, corrosive or likely to cause infection is used, processed or produced unless such a person is treated beforehand for such an injury by having it washed, disinfected and bandaged.

(8) An employer shall ensure that nothing but first-aid equipment, medical equipment and first-aid records are kept in a first-aid box or at a first-aid station.

(9) Where any employee is exposed to a potential hazard of injury to the eye due to contact with a biological, chemical or physical substance, every employer shall cause an eyewash fountain or similar effective facility to be provided near to the workplace of every such employee.

(10) Where an employee is exposed to a potential hazard of injury to the skin due to sudden contact with a large amount of a toxic, corrosive or high-risk substance, the employer of such an employee shall cause a quick-acting deluge shower to be provided near to the workplace of such an employee.

(4) Die bepalings van hierdie regulasie word nie so uitgelê dat dit afbreuk doen aan die bepalings van enige spesifieke regulasie wat beskermende klere of toestelle voorskryf nie.

Eerstehulp

3. (1) 'n Werkgewer moet 'n eerstehulpkas of -kaste by of naby 'n werkplek aanbring wat beskikbaar en toeganklik is vir alle werknemers wat by daardie werkplek werk.

(2) Met inagneming van die tipe beserings wat moontlik kan voorkom, die aard van die aktiwiteite wat by daardie werkplek bedryf word en die aantal persone in diens, moet die werkgewer die eerstehulpkas of -kaste, na gelang van die geval, soos by subregulasie (1) vereis, bevoorraad met geskikte op datum eerstehulptoerusting, of soos deur 'n geregistreerde mediese praktisyn aanbeveel mag word.

(3) In 'n veelverdieping gebou, of 'n werkplek wat uit meer as een gebou bestaan, moet die werkgewer spesiale voorsorg tref om te verseker dat die eerstehulpkaste binne maklike bereik van die werknemers vir wie dit bedoel is, gehou word.

(4) Waar meer as 10 werknemers in diens is by enige werkplek, moet die werkgewer by sodanige werkplek toesien dat 'n persoon wat in besit is van 'n geldige bekwaamheidsertifikaat in eerstehulp wat uitgereik is deur enige van die volgende organisasies, geredelik beskikbaar is gedurende werkure:

(a) S.A. Rooikruisvereniging;

(b) St John Ambulansvereniging; of

(c) S.A. Noodhulpliga:

Met dien verstande dat hierdie kwalifikasievereiste nie van toepassing sal wees nie op geregistreerde mediese praktisyns of geregistreerde verpleegsters, indien sodanige personeel te alle werktye geredelik beskikbaar is.

(5) 'n Werkgewer moet toesien dat die eerstehulper in subregulasie (4) bedoel, vertroud is met die noodprosedures wat geneem moet word in geval van akute vergiftiging deur storting of lekkasie van enige hoë-risiko-stof wat by 'n werkplek gebruik, geprosesseer of vervaardig word.

(6) 'n Werkgewer moet toesien dat elke eerstehulppos en die plasing van elke eerstehulpkas duidelik aangedui word deur middel van 'n teken.

(7) 'n Werkgewer mag nie toelaat dat 'n persoon wat aan 'n oop wond, sny, skaafplek, seer, of enige soortgelyke tipe besering ly, werk waar 'n hoë-risiko-stof of enige ander artikel wat toksies of invretend is of wat moontlik 'n infeksie kan veroorsaak, gebruik, geprosesseer of vervaardig word nie, tensy sodanige persoon vooraf behandel word vir sodanige besering deurdat dit gewas, ontsmet en verbind word.

(8) 'n Werkgewer moet toesien dat niks anders as eerstehulptoerusting, mediesetoerusting en eerstehulpverslae in 'n eerstehulpkas of by 'n eerstehulppos gehou word nie.

(9) Waar 'n werknemer blootgestel is aan 'n potensiële gevaar van besering aan die oog deur aanraking met 'n biologiese, chemiese of fisiese stof, moet iedere werkgewer toesien dat 'n oogspoelfontein of soortgelyke effektiewe middel beskikbaar gestel word naby die werkplek van iedere sodanige werknemer.

(10) Waar 'n werknemer blootgestel is aan 'n potensiële gevaar van besering aan die vel as gevolg van skielike aanraking met 'n groot hoeveelheid toksiese, invretende of hoë-risiko-stof, moet die werkgewer toesien dat 'n vinnigreagerende oorstroom-stortbad naby die werkplek van sodanige werknemer voorsien word.

Use and storage of flammable liquids

4. (1) No employer shall require or permit any person to work in a place where—

(a) any flammable liquid is used, processed, sprayed or stored; or

(b) fumes of any flammable liquid are generated to such an extent that it constitutes a fire or explosive hazard or endangers the safety of persons,

unless the provisions of this regulation are complied with.

(2) No employer shall require or permit a flammable liquid to be used or applied other than in a room or cabinet specially constructed for that purpose of fire-resisting material, or in the open air in a place which is such that—

(a) no fire or explosive hazard is created;

(b) the resultant fumes are efficiently dispersed and diluted into the atmosphere; and

(c) no other workplace is contaminated by such fumes.

(3) An employer shall cause every room or cabinet contemplated in subregulation (2) to be fitted with efficient in and outlet ventilation to remove the vapour from the building and to prevent its recirculation contaminating any other workplace or creating a fire or explosive hazard.

(4) Where spraying is done in the room contemplated in subregulation (2), the employer shall cause the ventilation system contemplated in subregulation (3) to conform to the following:

(a) If the air supply and extraction is horizontal, the average air speed measured at a level of 1,5 metres above the floor, or the platform on which a person stands to work in the room, shall not be less than 0,5 metres per second; or

(b) if the air supply is vertical and the extraction thereof is done through slits or a grill along the side walls at floor level, the average air speed measured at a level of 1,5 metres above the floor, or the platform on which a person stands to work in the room, shall not be less than 0,4 metres per second; or

(c) if the extraction is done through a grill over the whole of the floor area, the average air speed measured at a level of 1,5 metres above the floor, or the platform on which a person stands to work in the room, shall not be less than 0,3 metres per second.

(5) Where spraying is done in a cabinet as contemplated in subregulation (2), the employer shall cause the ventilation system contemplated in subregulation (3) to conform to the following:

(a) Where the area of the open face of the cabinet is not more than one square metre, the average speed of air movement through the said face shall not be less than one metre per second; or

(b) where the area of the open face is more than one square metre but less than two square metres, the average speed of air movement through the said face shall be not less than 0,75 metres per second; or

(c) where the area of the open face exceeds two square metres, the average speed of air movement through the said face shall be not less than 0,5 metres per second.

Gebruik en opberging van ontvlambare vloeistowwe

4. (1) Geen werkgewer mag van enige persoon vereis of hom toelaat om te werk nie in 'n plek waar—

(a) enige ontvlambare vloeistof gebruik, geprosesseer, gespuit of opgeberg word; of

(b) dampe van enige ontvlambare vloeistof ontwikkel word in so 'n mate dat dit 'n brand- of plofgevaar skep of dat dit die veiligheid van persone bedreig,

tensy die bepalings van hierdie regulasie nagekom word.

(2) Geen werkgewer mag vereis of toelaat dat 'n ontvlambare vloeistof gebruik of aangewend word anders as in 'n kamer of dampkamer wat spesiaal vir die doel opgerig is van hitte-bestande materiaal, of in die ope lug in 'n plek wat sodanig is dat—

(a) geen brand- of plofgevaar geskep word nie;

(b) die dampe wat aldus ontstaan doeltreffend in die atmosfeer versprei en verdun word; en

(c) geen ander werkplek deur sodanige dampe besoedel word nie.

(3) 'n Werkgewer moet toesien dat elke kamer of dampkamer in subregulasie (2) bedoel, voorsien is van 'n doelmatige in- en uitlaat ventilasiestelsel om die damp uit die gebou te verwyder en om te verhoed dat hersirkulering enige ander werkplek besoedel of 'n brand- of plofgevaar skep.

(4) Wanneer daar in 'n kamer soos bedoel in sub-regulasie (2) gespuit word, moet die werkgewer toesien dat die ventilasiesisteem in sub-regulasie (3) bedoel aan die volgende voldoen:

(a) Indien die lugvoorsiening en uitsuiging horisontaal is, moet die gemiddelde lugspoed gemeet op 'n vlak 1,5 meter bokant die vloer, of die platform waarop 'n persoon staan om in die kamer te werk, nie minder as 0,5 meter per sekonde wees nie; of

(b) indien die lugvoorsiening vertikaal is en die uitsuig daarvan gedoen word deur gleuwe of roosterwerk langs die kantmure op vloervlak, moet die gemiddelde lugspoed gemeet op 'n vlak 1,5 meter bo die vloer, of die platform waarop 'n persoon staan om in die kamer te werk, nie minder as 0,4 meter per sekonde wees nie; of

(c) indien die lugvoorsiening vertikaal is en uitsuiging daarvan gedoen word deur 'n rooster oor die hele vloeroppervlak, moet die gemiddelde lugspoed gemeet op 'n vlak 1,5 meter bo die vloer, of die platform waarop 'n persoon staan om in die kamer te werk, nie minder as 0,3 meter per sekonde wees nie.

(5) Waar spuitwerk gedoen word in 'n dampkamer soos bedoel in subregulasie (2), moet die werkgewer toesien dat die ventilasiesisteem soos bedoel in subregulasie (3) voldoen aan die volgende:

(a) Waar die area van die oopkant van die dampkamer nie meer as een vierkante meter is nie, moet die gemiddelde spoed van lugbeweging deur genoemde oopkant nie minder as een meter per sekonde wees nie; of

(b) waar die area van die oopkant meer is as een vierkante meter, maar minder as twee vierkante meter, moet die gemiddelde spoed van lugbeweging deur genoemde oopkant nie minder as 0,75 meter per sekonde wees nie; of

(c) waar die area van die oopkant van twee vierkante meter oorskry, moet die gemiddelde spoed van lugbeweging deur genoemde oopkant nie minder as 0,5 meter per sekonde wees nie.

(6) With respect to the ventilation system contemplated in subregulation (3) the employer shall cause—

(a) all ducts, trunks and enclosures of the system to be of fire-resistant material with a smooth interior finish and to be constructed in such a manner as to facilitate cleaning thereof;

(b) the system to be kept working during working hours as well as for at least that period of time thereafter that may be necessary to clear the vapour from the micro-atmosphere of the room or cabinet, to below the prescribed exposure limit; and

(c) the work to be so organised that the flow of air towards the intake of such ventilation system is not rendered inefficient and will draw the spray or vapour of the flammable liquid away from the person or persons operating the equipment.

(7) With respect to a room contemplated in subregulation (2), the employer shall cause every such room—

(a) with a floor area exceeding 20 square metres, to have at least two separate entrances at opposite ends of the room, which shall be fitted with doors opening outwards; and

(b) to be fitted with an inspection window of strengthened and shatterproof glass which is incapable of being opened.

(8) An employer shall not permit—

(a) any fire, flame or naked light or other thing which may ignite a flammable liquid or its vapour to be used in or taken into any room or cabinet in which the said substance is used, sprayed or stored;

(b) any person to, and no person shall, smoke in a room in which flammable liquid is used or stored and notices to this effect shall be displayed at all the entrances to such a room; and

(c) any heat that is to be applied for drying of the sprayed articles to be applied before the sprayroom has been cleared of all fumes.

(9) With respect to any room or cabinet as contemplated in subregulation (2) the employer shall cause—

(a) discarded cotton waste, cleaning rags, or similar material to be removed daily;

(b) only that amount of flammable liquid needed for work on one day to be taken into or kept in such a room or cabinet;

(c) all drums, cans, canisters or similar containers holding flammable liquids to be kept tightly closed when not in actual use and, after their contents have been used up, to be removed from the workplace daily;

(d) every such room or cabinet to be kept clean and all fans, ducts, trunks and enclosures of the ventilation system contemplated in subregulation (3) to be kept clean and in good working order: Provided that all cleaning, scraping or scouring done in compliance with this subregulation shall be done with implements that cannot cause sparking.

(10) The employer shall cause every room in which any flammable liquid is stored or kept, to—

(a) be separated by means of fire-resisting material from every room as contemplated in subregulation (2);

(b) be constructed of fire-resisting material;

(6) Ten aansien van die ventilasie-sisteem bedoel in subregulasie (3), moet die werkgewer toesien dat—

(a) alle pype, kokers en omhulsels van die sisteem van brandwerende materiaal met 'n gladde binne-afwerking is en so vervaardig is dat dit die skoonmaak daarvan vergemaklik;

(b) die stelsel gedurende werkure aan die gang gehou word asook vir ten minste dié tydperk daarna wat nodig mag wees om die dampe van die mikro-atmosfeer van die kamer of dampkamer te verwyder tot onder die voorgeskrewe blootstellingslimiet; en

(c) die werk so gereël word dat die vloei van lug na die inlaat van sodanige ventilasie-sisteem nie onbruikbaar gemaak word nie en dat dit die sproei of dampe van die vlambare vloeistof wegtrek van die persoon of persone wat die toestel bedien.

(7) Ten aansien van 'n kamer bedoel in subregulasie (2), moet die werkgewer toesien dat elke sodanige kamer—

(a) met 'n vloeroppervlak wat 20 vierkante meter te bowe gaan, minstens twee afsonderlike ingange op teenoorgestelde kante van die kamer het, toegerus met deure wat na buite oopgaan; en

(b) toegerus is met 'n inspeksievenster van versterkte en splintervrye glas wat nie oopgemaak kan word nie.

(8) 'n Werkgewer mag nie toelaat nie dat—

(a) enige vuur, vlam of oopvlam of enige ander ding wat 'n vlambare vloeistof of sy dampe kan laat ontbrand, gebruik word in of ingeneem word in 'n kamer of dampkamer waarbinne die genoemde stof gebruik, gesproei of opgeberg word;

(b) enige persoon rook, en geen persoon mag rook nie in 'n kamer waarin vlambare vloeistowwe gebruik of gestoor word en kennisgewings te dien effekte moet by alle ingange tot sodanige kamers aangebring word; en

(c) enige hitte wat aangewend moet word vir die droogmaak van artikels wat gespuitverf is, sodanig aangewend word voordat die verfsproeikamer van alle dampe geledig is.

(9) Ten aansien van enige kamer of dampkamer soos bedoel in subregulasie (2), moet die werkgewer toesien dat—

(a) gebruikte afvalkatoen, skoonmaaklappe of soortgelyke materiaal daagliks verwyder word;

(b) slegs daardie hoeveelheid vlambare vloeistof benodig vir werk op een dag in sodanige kamer of dampkamer ingeneem of gehou word;

(c) alle dromme, kanne, trommels of soortgelyke houers wat vlambare vloeistof bevat, dig toegehou word wanneer nie werklik in gebruik nie, en dat nadat die inhoud daarvan opgebruik is, die houers daagliks van die werkplek verwyder word;

(d) elke sodanige kamer of dampkamer skoongehou word en dat alle waaiers, pype, kokers en omhulsels van die ventilasiesisteem bedoel in subregulasie (3), skoon en in werkende toestand gehou word: Met dien verstande dat alle skoonmaak, afkrap of skuur wat ter nakoming van hierdie subregulasie gedoen word, gedoen moet word met implemente wat nie vonke kan veroorsaak nie.

(10) 'n Werkgewerk moet toesien dat elke kamer waarin vlambare vloeistof opgeberg of gehou word—

(a) deur middel van brandbestande materiaal van elke kamer bedoel in subregulasie (2) geskei is;

(b) van brandbestande materiaal vervaardig is;

(c) have a sunken floor, capable of holding the amount of flammable liquid stored in the room plus 10 per cent which is covered by a grill and which is shaped to form a trough in which spillages may collect and such spillages shall be cleaned up at least daily; and

(d) be ventilated to the open air in such a manner that vapour cannot accumulate inside the storeroom.

(11) Having regard to the construction and location of the premises and the amount and type of flammable liquids involved, the employer shall install an adequate amount of efficient fire-fighting equipment in suitable locations in and around every building in which such substances are used, handled or stored.

Work in confined spaces

5. (1) An employer or a user of machinery, as the case may be, shall ensure that a confined space is entered only after the air therein has been tested and evaluated by a suitably qualified person who has recorded the results of each test in a permanent record, and who has certified in writing in such a record that the confined space is safe and will remain safe while any person is in the confined space, having regard to the nature and duration of the work to be performed therein.

(2) An employer or a user of machinery, as the case may be, shall ensure that a confined space in which there exists or is likely to exist a hazardous gas, vapour, dust or fume, is entered only when—

(a) subject to the provisions of subregulation (3), the confined space is purged and ventilated to provide a safe atmosphere therein;

(b) measures necessary to maintain a safe atmosphere therein have been taken;

(c) the confined space has been isolated from all pipes, ducts, and other communicating openings by effective blanking other than the shutting or locking of a valve;

(d) every person entering the confined space is using a safety harness or other similar equipment, to which is securely attached a rope which reaches beyond the access to the confined space, and the free end of which is attended by the person referred to in paragraph (e) of this subregulation;

(d) at least one other person is, and remains, in attendance outside of and next to the entrance of such a confined space in order to remove the person or persons from the confined space if necessary; and

(f) suitable apparatus for resuscitation and a person trained in resuscitation, is conveniently available.

(3) Where the provisions of subregulation (2) (a) cannot be complied with, an employer or a user of machinery, as the case may be, shall ensure that such a confined space is entered only when the person entering is using an effective breathing apparatus and, further, that all the other provisions of subregulation (2) are complied with.

(4) Where the hazardous gas, vapour or dust contemplated in subregulation (2) is of an explosive or flammable nature, an employer shall further ensure that such a confined space is entered only if—

(a) the concentration of the gas, vapour or dust does not exceed 50 % of the lower explosive limit of that gas, vapour or dust where the work to be performed is of such a nature that it does not create a source of ignition; or

(c) 'n vals vloer het, wat in staat is om die hoeveelheid vlambare vloeistof wat in die kamer is, plus 10 persent, te hou, wat bedek is met 'n rooster en wat so gevorm is dat dit 'n trog vorm waarin vermorsing kan ophoop en sodanige vermorsing moet ten minste daagliks skoongemaak word; en

(d) na die buitelug geventileer word op so 'n wyse dat dampe nie binne die stoorkamer kan ophoop nie.

(11) Met inagneming van die konstruksie en plasing van die perseel en die hoeveelheid en tipe vlambare vloeistowwe betrokke, moet die werkgewer 'n genoegsame aantal doelmatige brandbestrydingstoestelle op geskikte plekke in en om elke gebou, waarbinne sodanige stowwe gebruik, gehanteer of opgeberg word, aanbring.

Werk in beperkte ruimtes

5. (1) 'n Werkgewer of 'n gebruiker van masjinerie, na gelang van die geval, moet toesien dat 'n beperkte ruimte binnegegaan word slegs nadat die lug daarin getoets en geevalueer is deur 'n behoorlike gekwalifiseerde persoon wat die resultaat van elke toets in 'n permanente rekordboek aangeteken het, en wat skriftelik in sodanige rekordboek gesertifiseer het dat die beperkte ruimte veilig is en veilig sal bly terwyl enige persoon binne die beperkte ruimte is, met inagneming van die aard en duur van die werk wat daarin gedoen moet word.

(2) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie, na gelang van die geval, moet toesien dat 'n beperkte ruimte waarin die moontlikheid bestaan, of moontlik kan bestaan van die aanwesigheid van 'n gevaarlike gas, damp, stof of walm, slegs binnegegaan word wanneer—

(a) onderhewig aan die bepalings van subregulasie (3), die beperkte ruimte gesuiwer en geventileer is om 'n veilige atmosfeer daarbinne te skep;

(b) die nodige stappe om 'n veilige atmosfeer daarbinne te handhaaf; geneem is;

(c) die beperkte ruimte geïsoleer is van alle pype, pypleidings en ander verbindingsgange deur effektiewe afsluiting anders as deur die toemaak of sluit van 'n klep;

(d) iedere persoon wat die beperkte ruimte binnegaan 'n veiligheidsharnas of ander soortgelyke uitrusting gebruik, waaraan 'n tou stewig vasgemaak is wat tot buitekant die ingang vanaf die beperkte ruimte reik, waarvan die vry end bedien word deur 'n persoon waarna in paragraaf (e) van hierdie subregulasie verwys word;

(e) minstens een ander persoon aanwesig is en anwesig bly buite die ingang van sodanige beperkte ruimte om die persoon of persone vanuit die beperkte ruimte te verwyder, indien nodig; en

(f) doeltreffende bybringapparaat en 'n persoon wat in bybrenging opgelei is, geredelik beskikbaar is.

(3) Waar daar nie aan die bepalings van subregulasie (2) (a) voldoen kan word nie, moet 'n werkgewer of 'n gebruiker van masjinerie, na gelang van die geval, toesien dat sodanige beperkte ruimte slegs binnegegaan word as die persoon wat binnegaan 'n geskikte asemhalingsapparaat gebruik en, voorts, dat aan al die ander bepalings van subregulasie (2) voldoen word.

(4) Indien die gevaarlike gas, damp of stof bedoel in subregulasie (2) van 'n plofbare of vlambare aard is, moet die werkgewer verder toesien dat sodanige beperkte ruimte binnegegaan word slegs wanneer—

(a) die konsentrasie gas, damp of stof nie 50 % van die laer ontplofbare perk van daardie gas, damp of stof oorskry nie waar die werk wat gedoen moet word van so 'n aard is dat dit nie 'n ontstekingsbron skep nie; of

(b) such concentration does not exceed 10 % of the lower explosive limit of that gas, vapour or dust where other work is performed.

(5) The provisions of this regulation shall also apply in so far as they are relevant to work which is performed outside of, or intended to be the outside of chambers, tunnels, sewers, pits, vessels, valves, sumps and the like, which may contain dangerous, flammable, or explosive liquid, gas, vapour, dust or fume.

Work in elevated positions

6. No employer shall require or permit any person to work in an elevated position, unless such work is performed safely from a ladder or from a scaffold or from a position where such a person has been made as safe as if he were working from a scaffold.

Working in danger of engulfment

7. No employer shall require or permit any person to, and no person shall, enter any place from or into which solid or particulate material is being discharged, or any place where a danger exists of a person being engulfed by solid or particulate material, unless—

(a) such a person is provided with and uses a safety belt and rope;

(b) at least one other person is and remains in attendance outside such a place to keep the persons therein under continuous observation in order to render assistance in case of emergency; and

(c) the precautions prescribed by regulation 5 of these Regulations are taken if a dangerous gas, fume, dust or vapour may be present in such a place.

Stacking of articles

8. (1) No employer shall require or permit the building of stacks which consists of successive tiers, one on top of another, unless—

(a) the stacking operation is executed by or under the personal supervision of a person with specific knowledge and experience of this type of work;

(b) the footing is level and capable of sustaining the weight exerted on it by the stack;

(c) the articles in the lower tiers are capable of sustaining the weight exerted on them by the articles stacked above them; and

(d) all the articles which make up any single tier is consistently of the same size, shape and mass.

(2) An employer shall not permit—

(a) articles to be removed from a stack except from the topmost tier or part of a tier; and

(b) anybody to climb onto a stack, except if the stack is stable and with the aid of a ladder or other safe means.

(3) An employer shall ensure that—

(a) persons engaged in stacking operations do not come within reach of machinery which may endanger their safety;

(b) stacks that are in danger of collapsing are dismantled immediately in a safe manner; and

(c) the stability of stacks is not endangered by vehicles or other machinery moving amongst them.

(b) dat sodanige perk nie 10 % van die laer ontplofbare perk van daardie gas, damp of stof oorskry nie waar ander werk gedoen word.

(5) Die bepalings van hierdie regulasie is ook van toepassing vir sover dit betrekking het op werk wat aan die buitekant van, of wat bedoel is om die buitekant te wees van kamers, tonnels, riole, putte, vatte, kleppe, pompe of iets dergeliks, gedoen word, wat gevaarlike, vlambare of plofbare vloeistof, gas, damp, stof of walm mag bevat.

Werk op hoë plekke

6. Geen werkgewer mag vereis of toelaat dat 'n persoon werk op 'n hoë plek nie, tensy sodanige werk op 'n veilige wyse van 'n leer of steierwerk gedoen word, of van 'n posisie waar die persoon so beveilig is asof hy van 'n steierwerk af werk.

Werk in gevaar van verswelging

7. Geen werkgewer mag vereis of toelaat dat enige persoon, en geen persoon mag, enige plek binnegaan waarvandaan of waarin soliede of partikulêre materiaal gestort word, of enige plek waar 'n gevaar bestaan dat 'n persoon verswelg kan word deur soliede of partikulêre materiaal, tensy—

(a) sodanige persoon voorsien is van 'n veiligheidsgordel en -tou en dit gebruik;

(b) minstens een ander persoon teenwoordig is en bly buite sodanige plek om die persoon daarbinne voortdurend onder observasie te hou ten einde hulp te verleen in 'n noodgeval; en

(c) dat die voorsorgmaatreëls wat by regulasie 5 van hierdie Regulasies voorgeskryf word, nagekom word indien 'n gevaarlike gas, walm, stof of damp in so 'n plek teenwoordig mag wees.

Opstapel van materiaal

8. (1) Geen werkgewer mag vereis of toelaat nie dat stapels gebou word wat uit opeenvolgende reekse bestaan, een bo-op die ander, tensy—

(a) die stapelwerk verrig word deur of onder die persoonlike toesig van 'n persoon met spesifieke kennis en ondervinding van hierdie tipe werk;

(b) die basis waterpas is en in staat is om die gewig wat daarop deur die stapel uitgeoefen word, te dra;

(c) die artikels in die laer reekse in staat is om die gewig te dra wat op hulle uitgeoefen word deur die artikels wat bo hulle gestapel is, en

(d) al die artikels waaruit enige enkele reeks in 'n stapel bestaan, deurgaans van dieselfde grootte, vorm en gewig is.

(2) 'n Werkgewer mag nie toelaat nie dat—

(a) artikels van 'n stapel verwyder word behalwe van die boonste reeks of deel van 'n reeks; of

(b) enigeen op 'n stapel klim tensy die stapel stabiel is en dit gedoen word met 'n leer of op ander veilige wyse.

(3) 'n Werkgewer moet toesien dat—

(a) persone wat besig is met stapelbedrywighede nie binne bereik van masjinerie kom wat hul veiligheid in gevaar kan stel nie;

(b) stapels wat in gevaar staan om inmekaar te tuimel onmiddellik op 'n veilige wyse afgebreek word; en

(c) die stabiliteit van stapels nie in gevaar gestel word deur vragmotors of ander masjinerie wat teen hulle beweeg nie.

(4) Unless a stack is otherwise supported, an employer shall ensure that tiers of stacked material which consists of sacks, cases, cartons, tins or similar containers—

(a) is secured by laying up articles in a header and stretcher fashion and special care shall be taken that corners are securely bonded; and

(b) is stepped back half the depth of a single container at least every fifth tier, alternatively successive tiers may be stepped back by a lesser amount: Provided that at least the same angle of inclination to the vertical is procured: Provided further that where the containers are of regular shape and their nature and size are such that the stack will be stable, they may be stacked with the sides of the stack vertical if the total height of the stack does not exceed three times the smaller dimension of the underlying base of the stack.

(5) Notwithstanding the provisions of subregulation (4), free-standing stacks that are built with the aid of machinery may be built to a height and in a manner as the containers being stacked permit: Provided that—

(a) the stacks are stable and do not overhang; and

(b) the operator of the stacking machinery is protected against falling articles.

Welding, flame cutting, soldering, etc.

9. (1) No employer or user of machinery shall require or permit operations of welding or flame cutting to be undertaken unless—

(a) effective protection for the eyes and, where necessary, for the face, hands, feet, legs, body and clothes, against heat, incandescent or flying particles or dangerous radiation is provided to and used by persons performing such operations;

(b) leads and electrode holders are effectively insulated; and

(c) the workplace is effectively partitioned off, where practicable and, where not practicable, persons exposed to the hazards contemplated in paragraph (a), shall be warned and provided with suitable protective equipment.

(2) No employer or user of machinery shall require or permit operations of welding or flame cutting to be undertaken in a confined space unless—

(a) effective ventilation is provided and maintained; or

(b) masks maintaining a supply of fresh air are provided and used by the persons performing such operations.

(3) No employer or user of machinery shall require or permit electric welding to be undertaken in wet or damp situations, in a confined space, inside metal vessels or in contact with large masses of metal unless—

(a) the insulation of the electrical leads is in sound condition;

(b) the electrode holder is completely insulated to prevent accidental contact with current-carrying parts;

(c) the operator is completely insulated by means of boots, gloves or rubber mats; and

(d) at least one other person who has been properly instructed is and remains in attendance during operations:

Provided that the provisions of this subregulation shall not apply to a welding process where the maximum voltage to earth does not exceed 24 volts.

(4) Tensy 'n stapel andersins gestut word, moet 'n werkgewer toesien dat reekse gestapelde materiaal wat bestaan uit sakke, kaste, kartonne, blikke of dergelike voorwerpe—

(a) veilig gemaak is deur artikels koplaag- en stryksverbandgewys te pak en spesiale sorg te neem dat hoeke stewig verbind is; en

(b) met 'n trap terugloop teen die helfte van die diepte van 'n enkele artikel by minstens elke vyfde reeks, of as alternatief kan opeenvolgende reekse met trappe terugloop teen 'n kleiner hoeveelheid: Met dien verstande dat minstens dieselfde gemiddelde hellingshoek tot die vertikaal verkry word: Met dien verstande verder dat waar artikels egalig van vorm is en waar hul aard en grootte sodanig is dat die stabiliteit van die stapel verseker sal wees, kan hulle opgestapel word met die kante van die stapel vertikaal mits die totale hoogte van die stapel nie meer as drie keer die kleiner afmeting van die onderliggende basis van die stapel oorskry nie.

(5) Ondanks die bepalings van subregulasie (4), kan vrystaande stapels wat met behulp van masjinerie opgerig word, tot 'n hoogte en op 'n wyse wat die houers wat opgestapel word toelaat, gebou word: Met dien verstande dat—

(a) die stapels stabiel is en nie oorhang nie; en

(b) die bediener van die stapelmasjinerie teen vallende voorwerpe beskerm is.

Sweis, vlamsnywerk, soldeer, ens.

9. (1) Geen werkgewer of gebruiker van masjinerie mag vereis of toelaat dat sweis- of vlamsnywerk onderneem word nie tensy—

(a) doelmatige beskerming verleen en gebruik word vir die oë, en waar nodig vir die gesig, hande, voete, bene, lyf en klere, teen hitte, gloeiende deeltjies en gevaarlike uitstraling;

(b) geleidrade en elektrodehouers behoorlik geïsoleer is; en

(c) die werkplek doelmatig afgeskort is waar dit moontlik is en, waar dit nie moontlik is nie, moet persone wat blootgestel is aan die gevare bedoel in paragraaf (a) daarteen gewaarsku word en van geskikte beskermende uitrusting voorsien word.

(2) Geen werkgewer of gebruiker van masjinerie mag vereis of toelaat dat sweis- of vlamsnywerk in 'n beperkte ruimte verrig word nie tensy—

(a) doelmatige ventilasie verskaf en onderhou word; of

(b) maskers wat 'n toevoer van vars lug aanhoudend gee, verskaf en deur die sweisers gebruik word.

(3) Geen werkgewer of gebruiker van masjinerie mag vereis of toelaat dat elektriese sweiswerk onderneem word in nat of klam plekke, in 'n beperkte ruimte, binnekant metaalhouers, of in aanraking met groot massas metaal nie, tensy—

(a) die isolering van die geleiers in goeie toestand is;

(b) die elektrodehouer geheel en al geïsoleer is om toevallige aanraking met dele wat stroom dra, te voorkom;

(c) die sweiser geheel en al geïsoleer is deur middel van stewels, handskoene of rubbermatte; en

(d) minstens een ander persoon wat behoorlik onderrig is, gedurende sweiswerk die sweiser bystaan en by hom bly:

Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subregulasie nie van toepassing is nie op 'n sweisproses waar die maksimum spanning na die aarde nie meer as 24 volt is nie.

(4) No employer or user of machinery shall require or permit flame cutting to be undertaken in a confined space unless at least one other person is and remains in attendance during operations.

(5) No employer or user of machinery shall require or permit welding, flame cutting, soldering and similar work to be undertaken to tubes, tanks, drums, vessels and the like when these—

(a) are completely closed, unless a rise in internal pressure is not material of safety;

(b) contain substances which, under the action of heat, may—

(i) ignite or explode, or

(ii) react to form dangerous or poisonous substances;

unless a suitably qualified person has certified in writing after examination that these dangers have been removed by opening, ventilating, purging with water, steam or by other effective means.

Operating trains

10. (1) An employer or a user of machinery, as the case may be, shall cause a signalman carrying a red flag or light to be stationed at every level crossing where a railway line or tramway crosses a railway or a road, or he shall provide other adequate means at such a crossing to warn—

(a) the driver of the train, or the train of tramway trucks, of the approach of a train; and

(b) persons travelling on the road of the approach of a train, or a train of tramway trucks.

(2) An employer or a user of machinery, as the case may be, shall not permit a train, or a train of tramway trucks, to be run over a level crossing as contemplated in subregulation (1), at a speed in excess of 10 kilometres per hour.

(3) No person shall drive or be permitted to drive a locomotive unless authorised to do so by his employer or the user of machinery, as the case may be.

(4) An employer or a user of machinery, as the case may be, shall not, except as provided for in subregulation (5), authorise any person to drive a locomotive while it is being used for the conveyance of persons other than those required for the working of the locomotive or train, unless such person is the holder of a locomotive engine driver's certificate issued in accordance with the regulations made under the Mines and Works Act (Act 27 of 1956).

(5) In the case of a locomotive having a designed speed not exceeding 16 kilometres per hour, other than a steam locomotive, the employer or user of machinery, as the case may be, may authorise a person who has attained the age of 18 years to drive such a locomotive while it is being used for the conveyance of persons: Provided that:

(a) the employer or user of machinery is satisfied that the sight and hearing of any such person are not defective and that he does not suffer from any other infirmity, mental or physical, which is likely to interfere with the efficient and safe performance of his duties; and

(b) the person so authorised is competent to carry out the duties assigned to him.

(6) The provisions of this regulation shall not apply to trains operated by the South African Transport Services.

(4) Geen werkgewer of gebruiker van masjinerie mag vereis of toelaat dat vlamsnywerk onderneem word in 'n beperkte ruimte nie tensy minstens een ander persoon gedurende werksaamhede die sweiser bystaan en by hom bly.

(5) Geen werkgewer of gebruiker van masjinerie mag vereis of toelaat nie dat sweis-, vlamsny-, soldeer- en dergelike werk onderneem word in pype, tenks, tromme, houers en sulkes wanneer dié—

(a) geheel en al gesluit is, tensy 'n styging in inwendige druk nie wesenlik is vir veiligheid nie;

(b) stowwe bevat wat onder die werking van hitte—

(i) aan die brand mag slaan of ontplof; of

(ii) reageer om gevaarlike of giftige stowwe af te gee;

tensy 'n geskikte persoon met behoorlike kwalifikasies skriftelik na ondersoek gesertifiseer het dat hierdie gevare verwyder is deurdat genoemde pype, ens., veilig gemaak is deur dit oop te maak, te ventileer, met water uit te spoel of met stoom of enige ander doelmatige middel te behandel.

Bedryf van treine

10. (1) 'n Werkgewer of 'n gebruiker van masjinerie, na gelang van die geval, moet 'n sinjaalwagter wat 'n rooi vlag of lig dra, by elke spooroorgang laat stasioneer waar 'n spoor- of koekepanlyn 'n openbare pad kruis, of hy moet ander doelmatige middels by sodanige kruising verskaf ten einde—

(a) die drywer van die trein of koekepantrein oor die nadering van 'n openbare trein te waarsku; of

(b) die verkeer op 'n openbare pad oor die nadering van 'n trein of koekepantrein te waarsku.

(2) 'n Werkgewer of 'n gebruiker van masjinerie, na gelang van die geval, mag geen trein of koekepantrein oor enige spooroorgang, soos genoem in subregulasie (1), teen 'n hoër spoed as 10 km per uur laat loop nie.

(3) Geen persoon mag 'n lokomotief dryf of toegelaat word om dit te dryf nie, tensy hy daartoe gemagtig is deur sy werkgewer of die gebruiker van masjinerie, na gelang van die geval.

(4) 'n Werkgewer of 'n gebruiker van masjinerie, na gelang van die geval, mag nie, behalwe soos in subregulasie (5) bepaal, enige persoon magtig om 'n lokomotief wat vir die vervoer van persone gebruik word, uitgesonderd persone wat nodig is om die lokomotief of trein te bedien, te dryf nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n lokomotiefdrywersertifikaat uitgereik ingevolge die regulasies gemaak onder die Wet op Myne en Bedrywe, 1956 (Wet 27 van 1956).

(5) In die geval van 'n lokomotief met 'n ontwerpsnelheid van hoogstens 16 kilometer per uur, behalwe 'n stoomlokomotief, kan die werkgewer of gebruiker van masjinerie, na gelang van die geval, 'n persoon wat die ouderdom van 18 jaar bereik het, magtig om sodanige lokomotief te dryf terwyl dit gebruik word vir die vervoer van persone: Met dien verstande dat:

(a) die werkgewer of gebruiker van masjinerie tevrede is dat die gesig en gehoor van enige sodanige persoon nie gebrekkig is nie en dat hy nie aan enige ander geestelike of liggaamlike gebrek ly wat moontlik die doeltreffende en veilige uitvoering van sy pligte kan belemmer nie; en

(b) die persoon so gemagtig bevoeg is om die pligte wat aan hom opgedra is, te verrig.

(6) Die bepalings van hierdie regulasie is nie van toepassing op treine wat deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste bedryf word nie.

Loose clothing, hair, etc.

11. (1) No person working at or near moving machinery shall wear or be permitted by his employer, or the user of such machinery, as the case may be, to wear loose fitting or loose hanging garments, any jewellery, ornaments, straps, or watch or key chains.

(2) An employer, or a user of machinery, as the case may be, shall not permit a person with long hair to work at or near moving machinery unless he has provided such a person with a cap, net or turban which will confine the hair, and shall ensure that it is used while such person is so working.

Supervision of building work

12. (1) Every employer who performs building work, or that employee of such an employer who is charged with the duty to ensure that the employer complies with the requirements of this Act designated for this purpose in terms of Regulation 4 of the General Administrative Regulations published under Government Notice R. 2206 of 5 October 1984, shall designate in writing a fulltime employee, charging him with the duty to supervise the performance of such building work.

(2) The person contemplated in subregulation (1) shall be a person who has had at least five years' practical experience in building work or a person who has obtained a degree in civil engineering from a South African University, or a degree recognised by the Department of Education and Culture of the Republic of South Africa as equivalent to such first-mentioned degree.

(3) (a) The employer may designate one or more subordinate persons to assist the designated person contemplated in subregulation (1) and each such subordinate person shall, to an extent which shall be clearly defined by the employer in his letter of appointment, have the same responsibility as the first designated person referred to in subregulation (1): Provided that the appointment of such subordinate person shall not relieve the first designated person of any personal responsibility under these regulations.

(b) The Chief Inspector may require any builder to appoint one or more subordinate persons to assist the designated person where, in his opinion, having regard to the extent of the building work, it is desirable that such subordinate person be appointed, and the provisions of paragraph (a) shall then apply.

(4) A person appointed in terms of this regulation, shall exercise supervision over the building work for which he is designated and shall ensure that—

(a) the provisions of the regulations are complied with;

(b) all plant and machinery are maintained in good condition and are properly used; and

(c) the work is carried out in a safe manner and in accordance with the designs and specifications as approved by the appropriate authority.

Roof work

13. Every employer shall provide, and cause to be used, suitable roof ladders or duck or crawling boards for persons required to work on any roof having a pitch of more than 34 degrees or on any roof which is covered or is to be covered with material through which a person is liable to fall: Provided that suitable safety belts with an adequate length of rope attached to the structure may be used in place of roof ladders, duck or crawling boards on pitched roofs covered with non-fragile material.

Los klere, hare, ens.

11. (1) Geen persoon wat naby bewegende masjinerie werk, mag deur sy werkgewer, of die gebruiker van sodanige masjinerie, na gelang van die geval, toegelaat word om los-passende of los-hangende klere, enige juweliersware, ornamente, snoere of horlosie- of sleutelkettings te dra nie.

(2) 'n Werkgewer, of 'n gebruiker van masjinerie, na gelang van die geval, mag nie 'n persoon met lang hare toelaat om by of naby bewegende masjinerie te werk nie, tensy hy sodanige persoon voorsien het van 'n pet, net of tulband wat die hare omsluit en hy toesien dat dit gebruik word terwyl sodanige persoon aldus werk.

Toesig oor bouwerk

12. (1) Iedere werkgewer wat bouwerk verrig, of daardie werknemer van so 'n werkgewer wat ingevolge regulasie 4 van die Algemene Administratiewe Regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2206 van 5 Oktober 1984 aangewys is om te verseker dat die werkgewer die bepalings van die Wet nakom, moet 'n voltydse werknemer aanwys en hom belas met die taak om toesig te hou oor die verrigting van sodanige bouwerk.

(2) Die persoon bedoel in subregulasie (1) moet 'n persoon wees wat minstens vyf jaar praktiese ondervinding van bouwerk het of wat 'n graad in siviele ingenieurswese van 'n Suid-Afrikaanse Universiteit ontvang het of 'n graad, erken deur die Departement van Onderwys en Kultuur van die Republiek van Suid-Afrika, as gelykstaande aan sodanige graad.

(3) (a) Die werkgewer kan een of meer ondergeskikte persone aanwys om die aangewese persoon bedoel in subregulasie (1) by te staan en elke sodanige ondergeskikte persoon het, tot die mate wat duidelik deur die werkgewer in sy aanstellingsbrief uiteengesit moet wees, dieselfde verantwoordelikheid as die aangewese persoon na wie in subregulasie (1) verwys word: Met dien verstande dat die aanstelling van sodanige ondergeskikte persoon nie die eerste aangewese persoon van enige persoonlike verantwoordelikheid ingevolge hierdie regulasies onthef nie.

(b) Die Hoofinspekteur kan van enige bouer vereis om een of meer ondergeskikte persoon by te staan waar, na sy mening, met inagnemimg van die omvang van die bouwerk, dit wenslik is dat sodanige ondergeskikte persoon aangestel word, en die bepalings van paragraaf (a) sal dan van toepassing wees.

(4) 'n Persoon wat ingevolge hierdie regulasie aangestel is, moet toesig hou oor die bouwerk ten opsigte waarvan hy aangewys is en moet toesien dat—

(a) die bepalings van die regulasies negakom word;

(b) alle toerusting en masjinerie in goeie toestand gehou en behoorlik gebruik word; en

(c) die werk op 'n veilige wyse verrig word en ooreenkomstig die ontwerpe en spesifikasies wat deur die toepaslike owerheid goedgekeur is.

Dakwerk

13. Iedere werkgewer moet geskikte daklere of plankmatte of kruipplanke voorsien en toesien dat dit gebruik word vir persone van wie dit vereis word om op enige dak wat 'n helling van meer as 34 grade het of op enige dak wat bedek is of bestem is om bedek te word met materiaal waardeur 'n persoon kan val, te werk; met dien verstande dat geskikte veiligheidsgordels wat met 'n tou wat lank genoeg is en wat aan die struktuur vasgemaak is, op skuinsdakke wat nie bedek is met nie-breekbare materiaal gebruik mag word, in plaas van daklere, plankmatte of kruipplanke.

Demolition and excavating

14. Every employer who performs building work shall, with respect to any such work in connection with demolition of a building or making of an excavation—

(a) not require or permit any person to, and no person shall, work under unsupported overhanging material or in an excavation which is more than 1,5 m deep and which has not been adequately shored or braced if there is a danger of such overhanging material, building or sides of the excavation collapsing accidentally;

(b) ensure that the shoring or bracing provided in terms of paragraph (a) is designed and constructed so that it is of sufficient strength to support the overhanging material, building or sides of the excavation;

(c) where the stability of an adjoining building or structure is likely to be affected by work in connection with the demolition of a building or making of an excavation, take such steps as may be necessary to ensure the stability of such building or structure and for the safety of persons involved in the work;

(d) ascertain as far as practicable the location and nature of services such as electricity, water, gas or other supplies which may be affected by the work to be performed and shall take such steps before the commencement of the work, as may be necessary to prevent danger to persons;

(e) cause convenient and safe means of access to be provided to every excavation in which persons are required to work and which is more than 1,5 m deep; provided that where an excavation is longer than 50 m a safe means of access shall be provided at intervals of not more than 50 m;

(f) cause every excavation which is more than 1,5 m deep, including all bracing and shoring, to be inspected by a person who is competent to do so, at least once in every shift and before the commencement of work after rain, to ensure the safety of persons; and

(g) cause every excavation which is accessible to the public or which is adjacent to public roads or thoroughfares or whereby the safety of persons may be endangered to be—

(i) adequately protected by a barrier or fence at least 600 mm high and as close to the excavation as practicable; and

(ii) provided with red warning lights or any other clearly visible boundary indicators at night.

Offences and penalties

15. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of regulation 2 (1), 2 (2), 2 (3), 3, 4, 5 (1), 5 (2), 5 (3), 5 (4), 6, 7, 8 (1), 8 (2), 8 (3), 8 (4), 9, 10 (1), 10 (2), 10 (3), 10 (4), 11, 12 (1), 12 (3), 12 (4), 13 or 14 shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R1 000 or to imprisonment for a period not exceeding six months and, in the case of a continuous offence, to an additional fine of R5 for each day on which the offence continues or to additional imprisonment of one day for each day on which the offence continues: Provided that the period of such additional imprisonment shall in no case exceed 90 days.

Short title

16. These regulations shall be called the General Safety Regulations.

Slopings en uitgrawings

14. Iedere werkgewer wat bouwerk verrig, moet, vir sover dit enige sodanige werk ten opsigte van sloping van 'n gebou of die maak van 'n uitgrawing aangaan—

(a) nie vereis of toelaat dat enige persoon werk, en geen persoon mag werk, onder ongestutte oorhangende materiaal of in 'n uitgrawing wat meer as 1,5 m diep is en wat nie toereikend gestut en verspan is nie indien daar gevaar bestaan dat sodanige oorhangende materiaal, gebou of kante van 'n uitgrawing ineen kan stort;

(b) toesien dat die skoring of verspanning waarvoor in paragraaf (a) voorsiening gemaak word, so ontwerp en vervaardig is dat dit sterk genoeg is om die oorhangende materiaal, gebou of kante van 'n uitgrawing te ondersteun;


(3) Die gebruiker moet toesien dat elke ketting of tou wat 'n integrale deel van die hystoestel vorm 'n veiligheidsfaktor het soos bepaal deur die veiligheidstandaard waarvolgens die masjien vervaardig is: Met dien verstande dat in die

was manufactured: Provided that in the absence of a prescribed factor of safety, chains, steelwire and fibre ropes shall have safety factors of at least four, five and six respectively.

(4) The user shall cause every hook or any other attaching device which forms an integral part of a lifting machine to be so designed or proportioned that accidental disconnection of the load under working conditions cannot take place.

(5) The user shall have the whole installation and all working parts of every lifting machine thoroughly examined and load tested by a competent person or firm employing a competent person, before it is put in use following every erection and thereafter at intervals not exceeding 12 months, with a view to establish the soundness thereof and the load test shall be that prescribed by the safety standard to which the lifting machine was manufactured: Provided that in the absence of such prescribed test, the whole installation of the lifting machine shall be subjected to a test load of 110 per cent of the rated load applied over the complete range of operation of such machine and in such a manner that every part of the installation will be stressed accordingly.

(6) Notwithstanding the provisions of subregulation (5) the user shall cause every hoisting device forming an integral part of a lifting machine to be thoroughly examined by a competent person or a firm employing a competent person at intervals not exceeding three months.

(7) The user shall cause the results of the examinations and tests prescribed in subregulations (5) and (6) to be entered by the person carrying out such examinations and tests, in a record book which shall be kept on the premises at all times.

(8) No user of a lifting machine shall permit or require persons to be raised or lowered by means of a lifting machine unless the permission of an inspector is obtained.

(9) No user shall use or permit any person to use a jib crane with a hoisting capacity of 5 tons and above, unless it is fitted with a device which will automatically indicate to the operator that the load being lifted is within the capacity of the crane at any position.

Builder's hoists

19. (1) The user shall cause the tower of every builder's hoist—

(a) to be secured to the structure or braced by steel wire guy ropes and to extend to such a distance above the highest landing as to allow a clear and unobstructed space of at least 900 mm for over-travel;

(b) to be enclosed on all sides at the bottom, and at all floors where persons are liable to be struck by moving parts except on the side or sides giving access to the conveyance, with walls or other effective means, to a height of at least 2 100 mm from the ground or floor level; and

(c) to be provided with a door or gate at least 1 800 mm high at each landing and such door or gate shall be kept closed except when the conveyance is at rest at that landing.

(2) The user shall cause—

(a) the conveyance of a builder's hoist to be supported by means of steel wire ropes of which the aggregate breaking load shall be at least six times the rated load of the hoist;

(b) every hoist to be provided with an efficient brake capable of holding the conveyance with its maximum load in any position when the power is not being supplied to the hoisting machinery; and

afwesigheid van 'n voorgeskrewe veiligheidsfaktor moet kettings, staaldraad en veseltoue 'n veiligheidsfaktor van ten minste vier, vyf en ses respektiewelik hê.

(4) Die gebruiker moet toesien dat elke haak of enige ander aanhegtingstoestel wat 'n integrale deel vorm van 'n hystoestel so ontwerp of gefatsoeneer is dat toevallige ontkoppeling van die vrag onder werkstoestande nie kan plaasvind nie.

(5) Die gebruiker moet toesien dat die hele installasie en alle werkende dele van elke hystoestel deeglik ondersoek en aan 'n belastingstoets onderwerp word deur 'n bevoegde persoon of 'n firma wat 'n bevoegde persoon in diens het, voordat dit in bedryf gestel word na elke oprigting en daarna by tussenposes wat nie 12 maande oorskry nie ten einde die soliditeit daarvan te bepaal en die belastingstoets sal die toets wees wat voorgeskryf is deur die veiligheidstandaard waarvolgens die hystoestel vervaardig is: Met dien verstande dat in die afwesigheid van sodanige voorgeskrewe toets, moet die hele installasie van die hystoestel onderwerp word aan 'n belastingstoets van 110 persent van die getakseerde vermoë aangewend oor die volle spektrum van bediening van die installasie en op so 'n wyse dat elke gedeelte van die installasie dienooreenkomstig aan dieselfde spanning onderwerp sal word.

(6) Ondanks die bepalings van subregulasie (5), moet die gebruiker toesien dat elke hystou of ketting en elke haak of ander aanhegtingstoestel wat 'n integrale deel van die hysmasjien vorm, deeglik ondersoek moet word deur 'n bevoegde persoon of firma wat 'n bevoegde persoon in diens het met tussenposes wat nie drie maande oorskry nie.

(7) Die gebruiker moet toesien dat die resultate van die toetse en ondersoeke uitgevoer ingevolge subregulasies (5) en (6) onverwyld deur die persoon wat sodanige ondersoek en toetse onderneem, aangeteken word in 'n verslagboek wat te alle tye op die perseel gehou moet word.

(8) Geen gebruiker van 'n hystoestel mag toelaat of vereis dat persone opgelig of neergelaat word deur 'n hystoestel tensy die goedkeuring van 'n inspekteur verkry is nie.

(9) Geen gebruiker mag 'n swaaiarmkraan wat 'n hysvermoë van 5 ton of meer het, gebruik of enige persoon toelaat om dit te gebruik nie tensy dit voorsien is van 'n toestel wat outomaties aan die operateur aandui dat die vrag wat gehys word, binne die dravermoë van die kraan in enige posisie is.

Bouershysmasjiene

19. (1) Die gebruiker moet die toring van elke bouershysmasjien—

(a) aan die struktuur laat bevestig of met staaldraadankertoue laat verspan en dit so ver bokant die hoogste landingsplek laat strek dat dit 'n vry en onversperde ruimte van minstens 900 mm laat vir oorhysing;

(b) aan alle sye aan die onderkant en by alle vloere waar persone deur bewegende dele van die hysmasjien getref kan word, behalwe aan die kant of kante wat toegang tot die hystoestel verleen, laat toemaak met mure of ander doelmatige middels tot 'n hoogte van minstens 2 100 mm vanaf die grond- of vloervlak; en

(c) van 'n deur of hek, ten minste 1 800 mm hoog, by elke landingsplek laat voorsien en so 'n deur of hek moet toe gehou word tensy die vervoermiddel by daardie landingsplek stilstaan.

(2) Die gebruiker moet toesien dat—

(a) die vervoermiddel van 'n bouershysmasjien gesteun word deur middel van staaldraadtoue waarvan die gesamentlike breeksterkte ten minste ses keer die getakseerde dravermoë van die hystoestel moet wees;

(b) elke hysmasjien voorsien is van 'n doeltreffende rem wat in staat is om die hysmasjien met sy maksimum vrag in enige posisie te hou wanneer krag nie voorsien word aan die hysmasjinerie nie; en

(c) effective arrangements to be made for clear signals for the operation of the hoist to be given from each landing from which the hoist is being used.

(3) No user shall require or permit, and no person shall cause trucks, barrows or material to be conveyed on or in the conveyance of a builders' hoist unless such articles are so secured or contained that displacement thereof cannot take place during conveyance.

(4) No user shall require or permit any person to ride on and no person shall ride on a builder's hoist.

(5) The user shall cause every builder's hoist to be inspected at least once every week by a person who is competent by virtue of his experience in the erection and maintenance of builders' hoists or similar work, who shall examine the entire hoist including guides, ropes and their connections, drums, sheaves or pulleys and all safety devices, and shall enter and sign the result of each such inspection in a record book which shall be kept for that purpose on the premises.

Explosive powered tools

20. (1) No user shall use or permit any person to use an explosive powered tool unless—

(a) it is provided with a protective shield or guard around the muzzle end which effectively confines any flying fragments or particles, and

(b) the firing mechanism is so designed that the barrel to the work surface is less than 15 degrees from a right angle.

(2) The user of an explosive powered tool shall ensure that—

(a) only cartridges suited to the tool and the work to be performed are used;

(b) the tool is cleaned and examined at regular intervals as may be necessary for its safe operation;

(c) the tool and the cartridges are stored in a safe place inaccessible to unauthorised persons when not in use; and

(d) the tool is not stored in a loaded condition.

(3) No user shall require or permit any person to use an explosive powered tool unless such person has been provided with and uses suitable eye protection.

(4) The provisions of subregulation (1) shall not apply with respect to explosive powered tools in which the energy of the cartridge is transmitted to the fastener by means of an intermediate piston which has a limited distance of travel.

Offences and penalties

21. Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of regulations 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8 (1), 8 (2), 9, 10, 11, 12, 13 (1), 14, 15 (1), 15 (2), 15 (3), 15 (6), 15 (7), 15 (8), 16, 17, 18, 19 (1), 19 (2), and 19 (3) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R1 000 or to imprisonment for a period not exceeding six months, and, in the case of a continuous offence, to an additional fine of R5 for each day on which the offence continues or to additional imprisonment of one day for each day on which the offence continues: Provided that the period of such additional imprisonment shall in no case exceed 90 days.

(c) doeltreffende reëlings getref word dat duidelike tekens vir die werking van die hysmasjien gegee word vanaf elke landingsplek waar die hysmasjien gebruik word.

(3) Geen gebruiker mag vereis of toelaat en geen persoon moet stootwaens, kruiwaens of materiaal in of op die vervoermiddel laat vervoer nie, tensy bedoelde stootwaens, kruiwaens of materiaal so vasgemaak of ingesluit is dat verskuiwing nie gedurende vervoer kan plaasvind nie.

(4) Geen gebruiker mag vereis of toelaat dat enige persoon, en geen persoon mag, op 'n bouershysmasjien ry nie.

(5) Die gebruiker moet elke bouershysmasjien ten minste een keer elke week laat inspekteer deur 'n persoon wat bevoeg is uit hoofde van sy ondervinding van oprigting en instandhouding van bouershysmasjiene of soortgelyke werk, wat die hele hyser insluitende leispore, toue en hul verbindings, tromme, katrolwiele of katrolle en alle veiligheidstoestelle moet ondersoek en wat die uitslag van elke sodanige inspeksie in 'n verslagboek wat vir daardie doel op die perseel bygehou moet word, moet aanteken en onderteken.

Skiethamers

20. (1) Geen gebruiker mag 'n skiethamer gebruik of toelaat dat enige persoon dit gebruik nie tensy—

(a) dit voorsien is van 'n skerm rondom die bek daarvan wat enige vlieënde stukkies of deeltjies inperk;

(b) die vuurmeganisme so ontwerp is dat die skiethamer nie sal werk nie tensy;

(i) dit teen die oppervlakte gehou word met 'n krag van ten minste twee maal die gewig van die skiethamer; en

(ii) die hellingshoek van die loop tot die werksvlak nie minder as 15 grade van 'n reghoek is nie.

(2) Die gebruiker van 'n skiethamer moet toesien dat—

(a) slegs slagdoppe geskik vir die skiethamer en die tipe werk wat verrig moet word, gebruik word;

(b) dat die skiethamer by gereelde tussenposes skoongemaak en ondersoek word, soos wat nodig mag wees vir veilige hantering;

(c) dat die skiethamer en slagdoppies in 'n veilige plek wat nie vir ongemagtigde persone toeganklik is nie, gebêre word wanneer dit nie gebruik word nie; en

(d) die skiethamer nie gestoor mag word as dit gelaai is nie.

(3) Geen gebruiker mag toelaat of vereis dat enige persoon 'n skiethamer gebruik tensy sodanige persoon voorsien is van en gebruik maak van doeltreffende oogbeskerming nie.

(4) Die bepalings van subregulasie (1) is nie van toepassing nie op skiethamers ten opsigte waarvan die krag in die slagdop na die vashegtingsmeganisme oorgedra word deur middel van 'n tussengangsuier wat 'n beperkte beweegafstand het.

Misdrywe en strafbepalings

21. Iedere persoon wat regulasies 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8 (1), 8 (2), 9, 10, 11, 12, 13 (1), 14, 15 (1), 15 (2), 15 (3), 15 (6), 15 (7), 15 (8), 16, 17, 18, 19 (1), 19 (2) en 19 (3) oortree of versuim om aan 'n bepaling daarvan te voldoen is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie ses maande oorskry nie, en, in die geval van 'n voortdurende oortreding, met 'n addisionele boete van hoogstens R5 of addisionele gevangenisstraf van een dag vir elke dag waarop die misdryf voortduur: Met dien verstande dat die tydperk van addisionele gevangenisstraf in geen geval 90 dae mag oorskry nie.

Short title

22. These regulations shall be called the Draft Driven Machinery Regulations.

REMARKS

On commencement of these regulations, regulations C23, C24, C25, C29, C30, C31, C32, C33, C34, C35, C36, C37, C38, C39, C40, C41, C42, C43, C44, C45, C46 (2), C46 (3), C46 (4), C46 (5), C47 (6), C49, and D15, made under the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941 (Act 22 of 1941), will be repealed.

(24 May 1985)

Kort titel

22. Hierdie regulasies heet die Aangedrewe Masjinerie Regulasies.

OPMERKINGS

By die inwerkingtreding van hierdie regulasies, sal regulasies, C23, C24, C25, C29, C30, C31, C32, C33, C34, C35, C36, C37, C38, C39, C40, C41, C42, C43, C44, C45, C46 (2), C46 (3), C46 (4), C46 (5), C47 (6), C49 en D15 wat onder die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941 (Wet 22 van 1941), uitgevaardig is, ingetrek word.

(24 Mei 1985)

NOTICE 307 OF 1985

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)

SUMMER GRAIN SCHEME.—PROPOSED AMENDMENTS

It is hereby made known that the Minister of Agricultural Economics has under section 9 (1), as applied by section 15 (3), of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), provisionally approved the proposed amendments set out in Schedule 1 of the Summer Grain Scheme, published by Proclamation R. 45 of 1979, as amended. The objects of the proposed amendments are set out in the memorandum in Schedule 2. Persons who have an interest in maize are hereby invited in terms of section 9 (2) (b), as applied by section 15 (3), of the said Act, to lodge with him, in writing within four weeks as from the date of publication hereof, any objections to or representations concerning the amendments by—

(a) when delivered by post, addressing it to the Director-General: Department of Agricultural Economics and Marketing, Directorate Marketing Administration, Private Bag X250, Pretoria, 0001; or

(b) when delivered by hand, addressing and delivering it to the Director-General: Agricultural Economics and Marketing, Directorate Marketing Administration, Room 153, Dirk Uys Building, Hamilton Street, Pretoria, 0002.

SCHEDULE 1

Insertion of section 16A in Scheme

1. The following section is hereby inserted in the Summer Grain Scheme published by Proclamation R. 45 of 1979 (hereinafter referred to as the Scheme), after section 16:

"Revision Advisory Committee

16A. (1) There is hereby established an advisory committee, to be known as the Revision Advisory Committee, which shall advise the Board in regard to any matter relating to the administration of section 39 of this Scheme in respect of maize.

(2) The Committee shall be constituted in the manner determined by the Board with the approval of the Minister.

(3) The provisions of section 15 (3), (4), (5), (6) and (7) shall *mutatis mutandis* apply to a committee referred to in subsection (1).".

[NOTE: The provisions concerned read as follows:

"(3) The members of the Committee shall be appointed by the Board: Provided that no person of or over the age of 68 years shall be appointed as a member.

KENNISGEWING 307 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

SOMERGRAANSKEMA.—VOORGESTELDE WYSIGINGS

Dit word hierby bekendgemaak dat die Minister van Landbou-ekonomie die voorgestelde wysigings in Bylae 1 uiteengesit, van die Somergraanskema gepubliseer by Proklamasie R. 45 van 1979, soos gewysig, kragtens artikel 9 (1), soos toegepas by artikel 15 (3), van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), voorlopig goedgekeur het. Die oogmerke van die voorgestelde wysiging is in die memorandum in Bylae 2 uiteengesit. Persone wat belang het by mielies word hierby ingevolge artikel 9 (2) (b), soos toegepas by artikel 15 (3), van genoemde Wet, uitgenooi om binne vier weke vanaf die datum van publikasie hiervan besware teen of vertoë aangaande die wysigings by hom in te dien deur—

(a) wanneer per pos gestuur, dit te adresseer aan die Direkteur-generaal: Landbou-ekonomie en -bemarking, Direktoraat Bemarkingsadministrasie, Privaatsak X250, Pretoria, 0001; of

(b) wanneer per hand afgelewer, dit te adresseer aan en af te lewer by die Direkteur-generaal: Landbou-ekonomie en -bemarking, Direktoraat Bemarkingsadministrasie, Kamer 153, Dirk Uysgebou, Hamiltonstraat, Pretoria, 0002.

BYLAE 1

Invoeging van artikel 16A in Skema

1. Die volgende artikel word hierby in die Somergraanskema gepubliseer by Proklamasie R. 45 van 1979 (hierna die Skema genoem), na artikel 16 ingevoeg:

"Hersieningsadvieskomitee

16A. (1) Hierby word 'n adviserende komitee ingestel, wat die Hersieningsadvieskomitee heet, wat die Raad moet adviseer aangaande enige aangeleentheid betreffende die uitvoering van artikel 39 van hierdie Skema ten opsigte van mielies.

(2) Die Komitee word saamgestel op die wyse deur die raad met die goedkeuring van die Minister bepaal.

(3) Die bepalings van artikel 15 (3), (4), (5), (6) en (7) is *mutantis mutandis* van toepassing op 'n Komitee in subartikel (1) bedoel.".

[NOTA: Die betrokke bepalings lui soos volg:

"(3) Die lede van die Komitee word deur die Raad aangestel: Met dien verstande dat geen persoon wat 68 jaar en ouer is as lid aangestel mag word nie.

(4) The Board may assign to the committee, on such conditions as the Minister may approve, such of its powers under this Scheme as it may, with the approval of the Minister, determine.

(5) The Board shall in respect of the Committee make such rules with regard to the conduct of and procedure at meetings (including the quorum), the manner in which meetings shall be called, the election of a chairman and a vice-chairman, the period of office of members, the filling of vacancies and matters incidental thereto as the Board, with the approval of the Minister, may determine.

(6) The decision of the majority of all the members of the Committee shall constitute a decision of the Committee.

(7) The Board may, with the approval of the Minister, determine the allowances payable out of the funds of the Board to members of the Committee.".]

Insertion of section 35A in Scheme

2. The following section is hereby inserted in the Scheme after section 35:

"Conducting of a pool in respect of a quantity of maize in excess of the quantity which a producer may sell for domestic consumption

35A. (1) The Board shall conduct a pool for the sale of a quantity of maize which, in terms of the prohibition referred in section 39, may not be sold by the producers thereof for domestic consumption.

(2) Each quantity of maize delivered to the Board or its agents in terms of a prohibition under sections 38 and 39 for the purposes of the pool shall at the time of delivery thereof be assigned to the class or grade to which such quantity of maize is found by the Board to belong.

(3) The provisions of section 35 (3), (4), (5), (6), (7) and (8) shall *mutatis mutandis* apply to the conducting of a pool referred to in subsection (1).".

[NOTE: The provisions concerned read as follows:

"(2) The Board may treat in such manner as it may deem fit, pack, store, adapt for sale, insure, transport and, subject to the provisions of section 21, advertise buckwheat in connection with which it conducts a pool and may sell such buckwheat on the basis which the Board may, with the approval of the Minister, determine.

(3) As soon as possible after all the buckwheat accepted by the Board for the account of the pool has been sold, the Board shall determine the net proceeds of the pool by deducting from the gross proceeds thereof the cost incidental to the sale of such buckwheat, which shall include all expenses and costs directly incurred in connection with the receipt, handling, storage, financing and sale of such buckwheat and the costs of conducting the pool as determined by the Board from time to time with the approval of the Minister.

(4) The net proceeds of the pool, as determined in terms of subsection (3), shall be distributed among the various grades to which the buckwheat at the time of delivery for sale, had been assigned by the Board in accordance with a scale of prices to be determined by the Board with the approval of the Minister in respect of such grades and in proportion to the respective quantities of buckwheat assigned to such grades.

(5) Subject to the provisions of subsection (6), the Board shall distribute the net proceeds of each grade of buckwheat in the pool, as determined in terms of subsection (4), to producers who contributed to that grade in the pool in proportion to the respective quantities of buckwheat delivered by each producer and accepted by the Board for the account of that grade in the pool.

(4) Die Raad kan op die voorwaardes wat die Minister goedkeur, sodanige van sy bevoegdhede ingevolge hierdie Skema aan die Komitee oordra as wat hy met die goedkeuring van die Minister bepaal.

(5) Die Raad moet ten opsigte van die Komitee sodanige reëls neerlê met betrekking tot die hou van en die prosedure op vergaderings (met inbegrip van die kworum), die wyse waarop vergaderings belê moet word, die verkiesing van 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter, ampstermyn van lede, die vulling van vakatures en aangeleenthede in verband daarmee, as wat hy met die goedkeuring van die Minister bepaal.

(6) 'n Beslissing van die meerderheid van al die lede van die Komitee maak 'n besluit van die Komitee uit.

(7) Die Raad kan met die Minister se goedkeuring die toelaes vasstel wat uit die Raad se fondse aan lede van die Komitee betaal moet word.".]

Invoeging van artikel 35A in Skema

2. Die volgende artikel word hierby in die Skema na artikel 35 ingevoeg:

"Bestuur van 'n poel ten opsigte van 'n hoeveelheid mielies bo die hoeveelheid wat 'n produsent vir binnelandse bemarking mag verkoop

35A. (1) Die Raad bestuur 'n poel, vir die verkoop van 'n hoeveelheid mielies wat kragtens die verbod in artikel 39 bedoel, nie deur die produsente daarvan vir binnelandse bemarking verkoop mag word nie.

(2) Elke hoeveelheid mielies wat ingevolge 'n verbod kragtens artikels 38 en 39 vir die doeleindes van die poel aan die Raad of sy agente gelewer word, moet ten tye van die lewering daarvan toegewys word aan die klas of graad waartoe sodanige hoeveelheid mielies na bevinding van die Raad behoort.

(3) Die bepalings van artikel 35 (2), (3), (4), (5), (6), (7) en (8) is *mutatis mutandis* van toepassing op die bestuur van 'n poel in subartikel (1) bedoel.".

[NOTA: Die betrokke bepalings lui soos volg:

"(2) Die Raad kan bokwiet ten opsigte waarvan hy 'n poel bestuur, behandel soos hy goedvind, verpak, opberg, vir verkoop geskik maak, verseker, vervoer en, behoudens die bepalings van artikel 21, adverteer en kan sodanige bokwiet verkoop op die grondslag wat die Raad met die goedkeuring van die Minister bepaal.

(3) So gou doenlik nadat al die bokwiet wat die Raad vir die rekening van die poel aangeneem het, verkoop is, moet die Raad die netto-opbrengs van die poel bepaal deur van die bruto-opbrengs daarvan af te trek die koste verbonde aan die verkoop van sodanige bokwiet, waarby ingesluit word alle uitgawes en koste regstreeks in verband met die ontvangs, hantering, opberging, finansiering en verkoop van sodanige wiet aangegaan en die koste van bestuur van die poel soos deur die Raad met die goedkeuring van die Minister van tyd tot tyd bepaal.

(4) Die netto-opbrengs van die poel, soos bepaal ingevolge subartikel (3), moet tussen die verskillende grade waartoe die bokwiet ten tye van die aflewering vir verkoop deur die Raad toegewys is, verdeel word ooreenkomstig 'n skaal van pryse wat die Raad met die goedkeuring van die Minister ten opsigte van sodanige grade moet bepaal en in verhouding tot die onderskeie hoeveelhede bokwiet wat aan sodanige grade toegewys is.

(5) Behoudens die bepalings van subartikel (6) moet die Raad die netto-opbrengs van elke graad bokwiet in die poel, soos bepaal ingevolge subartikel (4), verdeel onder produsente wat tot daardie graad in die poel bygedra het in verhouding tot die onderskeie hoeveelhede bokwiet wat elke produsent gelewer het en wat die Raad vir rekening van daardie graad in die poel aangeneem het.

(6) The amount payable to producer in terms of subsection (5)—

(a) shall be reduced by the amount representing any levy due and payable in terms of section 23 and any special levy due and payable in terms of section 24 on buckwheat so delivered by that producer;

(b) shall be reduced by the amount of any advances paid to that producer in terms of subsection (7);

(c) may in respect of any quantity of buckwheat so delivered by that producer in any particular area, be increased by an amount equivalent to the difference between the transport costs, as determined by the Board, on that quantity from a loading point recognised by the Board, in that area to an export harbour determined by the board, and the transport costs, as determined by the Board, on a similar quantity to the same harbour from a loading point recognised by the Board in another area which has the highest transport costs, as determined by the Board for such quantity to the said harbour.

(7) The Board, may, with the approval of the Minister, from time to time at any time before the net proceeds from the sale of buckwheat delivered to the Board during the period referred to in subsection (1) and accepted by the Board for the account of a pool have been distributed as provided for in this section, make advance payments to producers who have so delivered such buckwheat in proportion to the respective quantities of such buckwheat of each grade so delivered by them.

(8) Notwithstanding anything to the contrary in this section, where any balance in the pool when its accounts are closed is, in the opinion of the Board and the Minister, so small that a division thereof among the participants of the pool is not justified, such balance may be dealt with in any manner approved by the Minister.''.]

Amendment of section 36 of the Scheme

3. Section 36 of the Scheme is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) No producer—

(a) of seed maize shall sell such seed maize within the Republic;

(b) of summer grain shall sell such summer grain in any area in the Republic defined by the Board with the approval of the Minister; and

(c) of summer grain shall, except for his own consumption or consumption by members of his household or for the feeding of his livestock, manufacture or process or convert summer grain products into another product or commodity or cause it to be so manufactured, processed or converted;

unless he has been registered with the Board.''.

SCHEDULE 2

MEMORANDUM ON THE OBJECTS OF THE PROPOSED AMENDMENT OF THE SUMMER GRAIN SCHEME

Section 39 of the Summer Grain Scheme authorises the Maize Board to prohibit, with the approval of the Minister of Agricultural Economics, any maize producer to sell maize produced by him except such quantity or percentage thereof as the Board has determined and except for such purposes as the Board has defined. The Maize Board proposed that, for the purposes of its marketing arrangements

(6) Die bedrag wat aan 'n produsent ingevolge subartikel (5) betaalbaar is—

(a) moet verminder word met die bedrag verteenwoordigende 'n verskuldigde en betaalbare heffing kragtens artikel 23 en 'n verskuldigde en betaalbare spesiale heffing kragtens artikel 24 op bokwiet aldus deur daardie produsent gelewer;

(b) moet verminder word met die bedrag van enige voorskotte kragtens subartikel (7) aan daardie produsent betaal;

(c) kan, ten opsigte van 'n hoeveelheid bokwiet aldus deur daardie produsent in 'n besondere gebied gelewer, vermeerder word met 'n bedrag gelyk aan die verskil tussen die vervoerkoste, soos deur die Raad bepaal, op daardie hoeveelheid van 'n laaipunt deur die raad erken in daardie gebied na 'n uitvoerhawe deur die Raad bepaal, en die vervoerkoste, soos deur die Raad bepaal, op 'n gelyke hoeveelheid na dieselfde hawe van 'n laaipunt deur die Raad erken in 'n ander gebied van waar die vervoerkoste soos deur die Raad bepaal op so 'n hoeveelheid na genoemde hawe die hoogste is.

(7) Die Raad kan, met die goedkeuring van die Minister, van tyd tot tyd te eniger tyd voordat die netto-opbrengs uit die verkoop van bokwiet aan die Raad gelewer gedurende die tydperk genoem in subartikel (1) en deur die Raad vir die rekening van die poel aangeneem, verdeel is soos in hierdie artikel bepaal, aan produsente wat sodanige bokwiet aldus gelewer het, voorskotte betaal in verhouding tot die onderskeie hoeveelhede van sodanige bokwiet van elke graad aldus deur hulle gelewer.

(8) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie artikel, waar 'n saldo in die poel, wanneer sy rekening afgesluit word, na oordeel van die Raad en die Minister so klein is dat 'n verdeling daarvan onder die deelnemers in die poel nie geregverdig is nie, kan met sodanige saldo gehandel word op 'n wyse wat die minister goedkeur.''.]

Wysiging van artikel 36 van Skema

3. Artikel 36 van die Skema word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Geen produsent—

(a) van mieliesaad mag sodanige mieliesaad binne die Republiek verkoop nie;

(b) van somergraan mag sodanige somergraan in enige gebied in die Republiek deur die Raad met die Minister se goedkeuring omskryf, verkoop nie; en

(c) van somergraan mag, behalwe vir sy eie gebruik of vir verbruik deur lede van sy huisgesin, of om sy lewende hawe te voer, somergraanprodukte vervaardig of verwerk of in 'n ander produk of handelsartikel omsit, of dit aldus laat vervaardig, verwerk of omsit nie;

tensy hy by die Raad geregistreer is.''.

BYLAE 2

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE SOMERGRAANSKEMA

Artikel 39 van die Somergraanskema magtig die Mielieraad om met die Minister van Landbou-ekonomie se goedkeuring, 'n mielieprodusent te verbied om mielies wat hy geproduseer het, behalwe 'n hoeveelheid of persentasie daarvan wat die Raad vasgestel het en behalwe vir 'n doel wat die Raad bepaal het, te verkoop. Die Mielieraad het voorgestel dat, vir die doeleindes van sy bemarkingsreëlings vir mielies, hy gemagtig word om die hoeveelheid mielies wat jaarliks vir binnelandse verbruik benodig word, te kan vasstel en dat die Raad dan aan elke mielieprodusent

for maize, it be authorised to fix the quantity of maize required for annual local consumption and that the Board then allocates to each maize producer his share of maize of that quantity in terms of the aforementioned provisions of the Scheme. The quantity of maize produced by a maize producer in excess of the said allocated quantity, shall be disposed of by means of a pool.

The insertion of section 16A in the Scheme is proposed to provide for an advisory committee of the Maize Board to investigate and report upon any complaints and representations lodged by maize producers in connection with the allocated quantities of maize which they may sell for local consumption in terms of a prohibition under sections 38 and 39 of the Scheme. Section 35A of the Scheme is proposed to provide for the conducting of a pool for the maize exceeding the quantity allocated for local consumption. Since the proposed provisions cannot be exercised properly unless each maize producer is registered with the Maize Board, it is proposed that the provisions of section 36 (1) of the Scheme be extended so as to ensure that all producers of summer grain shall register with the Board.

(24 May 1985)

sy deel van daardie hoeveelheid mielies ingevolge voormelde bepalings van die Skema toewys. Oor die hoeveelheid mielies wat deur 'n mielieprodusent geproduseer word, maar wat meer is as voormelde toegewese hoeveelheid, sal dan by wyse van 'n poel beskik word.

Die invoeging van artikel 16A in die Skema word voorgestel om vir 'n advieskomitee van die Mielieraad voorsiening te maak wat enige klagtes en vertoë deur mielieprodusente in verband met die toegewese hoeveelhede mielies wat hulle ingevolge 'n verbod kragtens artikels 38 en 39 van die Skema vir binnelandse verbruik mag verkoop, moet ondersoek en verslag daaroor moet doen. Artikel 35A van die Skema word voorgestel om voorsiening te maak vir die bedryf van 'n poel ten opsigte van die mielies wat die toegewese hoeveelheid vir binnelandse verbruik oorskry. Aangesien die voorgestelde bepalings nie behoorlik uitgevoer kan word sonder dat elke mielieprodusent by die Mielieraad geregistreer is nie, word dit voorgestel dat die bepalings van artikel 36 (1) van die Skema uitgebrei word om te verseker dat alle somergraanprodusente by die Mielieraad sal registreer.

(24 Mei 1985)

NOTICE 308 OF 1985

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

THE ASSOCIATION OF SOUTH AFRICAN QUANTITY SURVEYORS.—AMENDMENT OF CONSTITUTION

Notice is hereby given in terms of section 8 (5) of the Quantity Surveyors' Act, 1970 (Act 36 of 1970), that the Constitution of the Association of South African Quantity Surveyors, as published in *Government Gazette* 3023, dated 19 March 1971, has been amended by the substitution for clause 7.1.2.4 of the following clause:

"7.1.2.4 eight members elected out of and by the corporate members of the Association: Provided that if the President, Vice-President or immediate Past President fall into this category, the number of members shall be reduced accordingly.".

Notice 572 of 1982 appearing in *Government Gazette* 8344, dated 20 August 1982, is hereby withdrawn.

(24 May 1985)

KENNISGEWING 308 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

DIE VERENIGING VAN SUID-AFRIKAANSE BOUREKENAARS.—WYSIGING VAN KONSTITUSIE

Kennis geskied hierby ingevolge artikel 8 (5) van die Wet op Bourekenaars, 1970 (Wet 36 van 1970), dat die Konstitusie van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars, soos gepubliseer in *Staatskoerant* 3023 van 19 Maart 1971, gewysig is deur klousule 7.1.2.4 deur die volgende klousule te vervang:

"7.1.2.4 agt lede gekies vanuit en deur die korporaatlede van die Vereniging: Met dien verstande dat indien die President, Vise-President of onmiddellike Oud-President hierdie kategorie verteenwoordig, die aantal lede dienooreenkomstig verminder sal word.".

Kennisgewing 572 van 1982 wat in *Staatskoerant* 8344 van 20 Augustus 1982 verskyn het, word hiermee ingetrek.

(24 Mei 1985)

NOW AVAILABLE

REPORTS OF THE APPEAL COURTS FOR COMMISSIONERS' COURTS

(In book form)
1972–1974 (484 pages)
1975–1977 (338 pages)

Price plus GST:
1972–1974: Local, R9,20; other countries, R10,90; post free
1975–1977: Local, R7,40; other countries, R8,70; post free

NOU BESKIKBAAR

VERSLAE VAN DIE APPELHOWE VIR KOMMISSARISHOWE

(In boekvorm)
1972–1974 (484 bladsye)
1975–1977 (338 bladsye)

Prys plus AVB:
1972–1974: Plaaslik, R9,20; buitelands, R10,90; posvry
1975–1977: Plaaslik, R7,40; buitelands, R8,70; posvry

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

THE GOVERNMENT PRINTER

OFFICIAL PUBLICATIONS RECEIVED DURING MARCH 1985

(All local prices are subject to general sales tax)

RP REPORTS

RP 67/1984—Report of the Commission of Inquiry into the Promotion of the Creative Arts. ISBN 0 621 09020 4. Local R19,90, other countries R24,90.

RP 79/1984—Registrar of Pension Funds: Twenty-third Annual Report for the year ended 31 December 1981. ISBN 0 621 09119 7. Local R2,10, other countries R2,60.

RP 82/1984—Report of the Auditor-General on the Accounts of the Citrus Board for the financial year 1 February 1983 to 31 January 1984. ISBN 0 621 89123 5. Local R1, other countries R1,20.

RP 84/1984—Annual Report of the Commissioner of South African Police for the period 1 July 1983 to 30 June 1984. ISBN 0 621 09146 4. Local R4,20, other countries R5,25.

RP 91/1984—Department of Education and Training Annual Report, 1984. ISBN 0 621 09153 7. Local R6,20, other countries R7,70.

RP 5/1985—Administration: House of Assembly: Estimate of additional expenditure for the financial year ending 31 March 1985. ISBN 0 621 08606 1. Local R1,60, other countries R2.

RP 8/1985—Administration: House of Representatives: Estimate of additional expenditure for the financial year ending 31 March 1985. ISBN 0 621 08609 6. Local R1,10, other countries R1,40.

RP 15/1985—Department of Posts and Telecommunications: Estimates of revenue and expenditure for the year ending 31 March 1986. ISBN 0 621 08611 8. Local R2,80, other countries R3,50.

RP 16/1985—Report of the Auditor-General on the Accounts of the South African Transport Services for the financial year 1983–84. ISBN 0 621 09159 6. Local R5,50, other countries R6,90.

RP 24/1984—South African Law Commission: Twelfth Annual Report, 1984. ISBN 0 621 09373 4. Local R4,70, other countries R6.

STATISTICAL REPORTS

Report No. 02-80-06—Religion by Statistical Region and District. ISBN 0 621 09367 X. Local R2,10, other countries R2,50.

Report No. 02-80-09—Income by Statistical Region and Districts. ISBN 0 621 09371 8. Local R2,10, other countries R2,50.

Bulletin of Statistics for the quarter ended September 1984. Vol. 18, No. 3. Local R4,20, other countries R5.

Monthly Abstract of Trade Statistics: January–September 1984. Local R4,80, other countries R5,70.

Monthly Abstract of Trade Statistics: January–October 1984. Local R4,80, other countries R5,70.

Monthly Abstract of Trade Statistics: January–November 1984. Local R4,80, other countries R5,70.

MISCELLANEOUS REPORTS

Patent Journal (including Trade Marks, Designs and Copyright in Cinematograph Films). Vol. 18, No. 2. Local R1, other countries R1,25.

Patent Journal (including Trade Marks, Designs and Copyright in Cinematograph Films). Vol. 18, No. 3. Local R1, other countries R1,25.

Bound volume of the *Government Gazette* for the month August 1984. Local R18,40, other countries R23.

Bound volume of the *Government Gazette* for the month September 1984. Local R18,40, other countries R23.

Bound volume of the *Government Gazette* for the month October 1984. Local R18,40, other countries R23.

Bound volume of the *Government Gazette* for the month November 1984. Local R18,40, other countries R23.

MAPS

1:250 000

Reprints

3220—Sutherland. Topographical.

3318—Cape Town. Topographical.

3318—Cape Town. Topo Cadastral.

Local R1, other countries R1,25.

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

DIE STAATSDRUKKER

AMPTELIKE PUBLIKASIES ONTVANG GEDURENDE MAART 1985

(Alle binnelandse pryse is onderhewig aan algemene verkoopbelasting)

RP-VERSLAE

RP 67/1984—Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Bevordering van die Skeppende Kunste. ISBN 0 621 09020 4. Plaaslike R19,90, buitelands R24,90.

RP 79/1984—Registrateur van Pensioenfondse: Drie-en-twintigste Jaarverslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1981. ISBN 0 321 091197. Plaaslik R2,10, buitelands R2,60.

RP 82/1984—Verslag van die Ouditeur-generaal oor die Rekenings van die Sitrusraad vir die boekjaar 1 Februarie 1983 tot 31 Januarie 1984. ISBN 0 621 09123 5. Plaaslik R1, buitelands R1,20.

RP 84/1984—Jaarverslag van die Kommissaris van Suid-Afrikaanse Polisie vir die tydperk 1 Julie 1983 tot 30 Junie 1984. ISBN 0 621 09147 2. Plaaslik R4,20, buitelands R5,25.

RP 91/1984—Jaarverslag van die Departement van Onderwys en Opleiding, 1984. ISBN 0 621 09153 7. Plaaslik R6,20, buitelands R7,70.

RP 5/1985—Administrasie: Volksraad: Begroting van addisionele uitgawes vir die boekjaar wat op 31 Maart 1985 eindig. ISBN 0 621 08606 1. Plaaslik R1,60, buitelands R2.

RP 8/1985—Administrasie: Raad van Verteenwoordigers: Begroting van addisionele uitgawes vir die boekjaar wat op 31 Maart 1985 eindig. ISBN 0 621 08609 6. Plaaslik R1,10, buitelands R1,40.

RP 15/1985—Departement van Pos- en Telekomunikasiewese: Begroting van Inkomste en Uitgawe vir die jaar wat op 31 Maart 1986 eindig. ISBN 0 621 08611 8. Plaaslik R2,80, buitelands R3,50.

RP 16/1985—Verslag van die Ouditeur-generaal oor die Rekenings van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste vir die boekjaar 1983–84. ISBN 0 621 09159 6. Plaaslik R5,50, buitelands R6,90.

RP 24/1985—Suid-Afrikaanse Regskommissie: Twaalfde Jaarverslag, 1984. ISBN 0 621 09376 9. Plaaslik R4,70, buitelands R6.

STATISTIEKE VERSLAE

Verslag No. 02-80-06—Geloof volgens Statistiese Streek en Distrik. ISBN 0 621 09367 X. Plaaslik R2,10, buitelands R2,50.

Verslag No. 02-80-09—Inkomste volgens Statistiese Streek en Distrik. ISBN 0 621 09371 8. Plaaslik R2,10, buitelands R2,50.

Bulletin van Statistiek vir die kwartaal geëindig September 1984. Vol. 18, No. 3. Plaaslik R4,20, buitelands R5.

Maandelikse Uittreksel van Handelstatistieke: Januarie–September 1984. Plaaslik R4,80, buitelands R5,70.

Maandelikse Uittreksel van Handelstatistieke: Januarie–Oktober 1984. Plaaslik R4,80, buitelands R5,70.

Maandelikse Uittreksel van handelstatistieke: Januarie–November 1984. Plaaslik R4,80, buitelands R5,70.

DIVERSE VERSLAE

Patentjoernaal (insluitende Handelsmerke, Modelle en Outeursreg in Rolprente). Vol. 18, Februarie 1985, No. 2. Plaaslik R1, buitelands R1,25.

Patentjoernaal (insluitende Handelsmerke, Modelle en Outeursreg in Rolprente). Vol. 18, Maart 1985, No. 3. Plaaslik R1, buitelands R1,25.

Gebinde deel van die *Staatskoerante* vir die maand Augustus 1984. Plaaslik R18,40, buitelands R23.

Gebinde deel van die *Staatskoerante* vir die maand September 1984. Plaaslik R18,40, buitelands R23.

Gebinde deel van die *Staatskoerante* vir die maand Oktober 1984. Plaaslik R18,40, buitelands R23.

Gebinde deel van die *Staatskoerante* vir die maand November 1984. Plaaslik R18,40, buitelands R23.

LANDKAARTE

1:250 000

Herdrukke

3220 Sutherland. Topografies.

3318 Cape Town. Topografies.

3318 Cape Town. Topokadastaal.

Plaaslik R1, buitelands R1,25.

Government Gazette

of the Republic of South Africa

CONDITIONS FOR THE PUBLICATION OF LEGAL NOTICES

Closing times for the acceptance of notices

1. The *Government Gazette* is published every week on Friday, and the closing time for the acceptance of notices which have to appear in the *Government Gazette* on any particular Friday, is 15h00 on the preceding Friday. Should any Friday coincide with a public holiday, the date of publication of the *Government Gazette* and the closing time of the acceptance of notices will be published in the *Government Gazette*, from time to time.

2. (1) The copy for a separate *Government Gazette* must be handed in not later than three calendar weeks before date of publication.

(2) Copy of notices received after closing time will be held over for publication in the next *Government Gazette*.

(3) Amendment or changes in copy of notices cannot be undertaken unless instructions are received **before 15h30 on Mondays.**

(4) Copy of notices for publication cannot be accepted over the telephone.

(5) In the case of cancellations a refund of the cost of a notice will be considered only if the instruction to cancel has been received on or before the stipulated closing time as indicated in paragraph 1 above.

Approval of notices

3. Any notices other than legal notices are subject to the approval of the Government Printer, who may refuse acceptance or further publication of any notice.

The Government Printer indemnified against liability

4. The Government Printer will assume no liability in respect of—

(1) any delay in the publication of a notice or publication of such notice on any date other than that stipulated by the advertiser;

(2) erroneous classification of a notice, or the placement of such notice in any section or under any heading other than the section or heading stipulated by the advertiser;

(3) any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

Liability of advertiser

5. Advertisers will be held liable for any compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Government Printer in consequence of the publication of any notice.

Copy

6. Copy of notices must be typed on one side of the paper only and may not constitute part of any covering letter or document.

7. At the top of any copy, and set well apart from the notice the following must be stated:

(1) The kind of notice;

(2) the heading under which the notice is to appear;

(3) the rate (e.g. "Fixed tariff rate", or "Word count rate") applicable to the notice, and the cost of publication.

8. All proper names and surnames must be clearly legible, surnames being underlined or typed in capital letters. In the event of a name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the notice will be republished only upon payment of the cost of a new insertion.

Payment of cost

9. No notice will be accepted for publication unless the cost of the insertion(s) is prepaid by way of uncancelled revenue stamps.

10. (1) The cost of a notice must be calculated by the advertiser in accordance with—

(a) the list of fixed tariff rates; or

(b) where the fixed tariff rate does not apply, the word count rate.

(2) Where there is any doubt about the cost of publication of a notice, and in the case of copy in excess of 1 600 words, an enquiry, accompanied by the relevant copy should be addressed to the Advertising Section, Government Printing Works, Private Bag X85, Pretoria, 0001, before publication.

11. Uncancelled revenue stamps representing the correct amount of the cost of publication of a notice, or the total of the cost of publication of more than one notice, must be affixed to the copy.

Staatskoerant

van die Republiek van Suid-Afrika

VOORWAARDES VIR DIE PUBLIKASIE VAN WETLIKE KENNISGEWINGS

Sluitingstye vir die aanname van kennisgewings

1. Die *Staatskoerant* word weekliks op Vrydag gepubliseer en die sluitingstyd vir die aanname van kennisgewings wat op 'n bepaalde Vrydag in die *Staatskoerant* moet verskyn, is 15h00 op die voorafgaande Vrydag. Indien enige Vrydag saamval met 'n openbare vakansiedag, verskyn die *Staatskoerant* op 'n datum en is die sluitingstye vir die aanname van kennisgewings soos van tyd tot tyd in die *Staatskoerant* bepaal.

2. (1) Wanneer 'n aparte *Staatskoerant* verlang word moet dit drie kalenderweke voor publikasie ingedien word.

(2) Kopie van kennisgewings wat na sluitingstyd ontvang word, sal oorgehou word vir plasing in die eersvolgende *Staatskoerant*.

(3) Wysiging van of veranderings in die kopie van kennisgewings kan nie onderneem word nie tensy opdragte daarvoor ontvang is **voor 15h30 op Maandae.**

(4) Kopie van kennisgewings vir publikasie kan nie oor die telefoon aangeneem word nie.

(5) In geval van kansellasie sal die terugbetaling van die koste van 'n kennisgewing oorweeg word slegs as die opdrag om te kanselleer op of voor die vasgestelde sluitingstyd soos in paragraaf 1 hierbo aangedui, ontvang is.

Goedkeuring van kennisgewings

3. Kennisgewings, behalwe wetlike kennisgewings, is onderworpe aan die goedkeuring van die Staatsdrukker wat kan weier om enige kennisgewing aan te neem of verder te publiseer.

Vrywaring van die Staatsdrukker teen aanspreeklikheid

4. Die Staatsdrukker aanvaar geen aanspreeklikheid vir—

(1) enige vertraging by die publikasie van 'n kennisgewing of vir die publikasie daarvan op 'n ander datum as dié deur die adverteerder bepaal;

(2) die foutiewe klassifikasie van 'n kennisgewing of die plasing daarvan onder 'n ander afdeling of opskrif as die afdeling of opskrif wat deur die adverteerder aangedui is;

(3) enige redigering, hersiening, weglating, tipografiese foute of foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan.

Aanspreeklikheid van adverteerder

5. Die adverteerder word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat ontstaan uit enige aksie wat weens die publikasie van 'n kennisgewing teen die Staatsdrukker ingestel mag word.

Kopie

6. Die kopie van kennisgewings moet slegs op een kant van die papier getik wees en mag nie deel van enige begeleidende brief of dokument uitmaak nie.

7. Bo aan die kopie, en weg van die kennisgewing, moet die volgende aangedui word:

(1) Die aard van die kennisgewing;

(2) die opskrif waaronder die kennisgewing geplaas moet word;

(3) die tarief (bv. "Vaste tarief", of "Woordetal-tarief") wat op die kennisgewing van toepassing is, en die koste verbonde aan die plasing daarvan.

8. Alle eiename en familiename moet duidelik leesbaar wees en familiename moet onderstreep of in hoofletters getik word. Indien 'n naam verkeerd gedruk word as gevolg van onduidelike skrif, sal die kennisgewing alleen na betaling van die koste van 'n nuwe plasing weer gepubliseer word.

Betaling van koste

9. Geen kennisgewing word vir publikasie aanvaar nie tensy die koste van die plasing(s) daarvan vooruit betaal is deur middel van ongekanselleerde inkomsteseëls.

